


**KLYN BEGIN—ANHOU WIN.**


DEEL I. No. 5.] JULI, 1896. [4s. PER JAAR.


## INHOUD.


DI ONFANGS FAN ONS KLYNTJI.—Gedig deur D. G. R. en deur Oom Keessi.

DI SAAR FAN RUSLAND, met Portret.

'N BESOEK FAN ONS KLYNTJI.

DI KONINGIN FAN SKEBA.—VII. Di Antwoord fan di Molimo en di Ferraad fan di Kaffers.

DI REENBOOG.—Gedig deur M. H. Neser.

JAKOB PLATTJI.—II. In di Tronk.—III. Plattji gaan op Tog.

MORGE LIED, deur Neef Jan.

DI ROOSKNOPPI.—(Bekroonde Prysfrage).—I. Di Kennismaking.

HOE EK GEVRY HET.—Gedig deur J. J. Schalkwyk

RYKE MENSE.—Baron Hirsch.

DI WATERMELOEN.—Gedig deur W. H. M.

PRAATJIIS O'ER DI NATUUR.—Di Maan, Planete, Meteore, Komete en Sterre.

DI FRYER FAN NIG BETTI.—Gedig deur K. L.

O'ER ONS TAAL EN TAALKUNDE.—Di Letter *F* ferdedig hom self.

FOOR HONDERD JAAR EN NOU.—Onfoltooide Gedig, met follende Prysfraag.

BLADSY FAN ONS LESERS.

FERNEDER JOU ONDER GODS HAND.

NUTTIG EN FERMAKELIK.—Skaak Spel No. 1.



BIBLIOTHEEK.



**M. Glassberg's**

PHOTOGRAFISCHE ATELIERS

te **Paarl** en **Worcester**

*Markt Plein.* *Russel Straat.*

WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTEN TEGEN ZEER BILLIJKE PRIJZEN.

OUDE PORTRETTEN VERNIEUWD EN VERGROOT TOT LEVENSGROOTE.

SCHILDERIJLYSTEN

VAN EENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.

SPECIALITEIT: VERGROOTE PORTRETTEN.

ALLE WERK WORDT GEWAARBORGT EIGENHANDIG TE ZIJN.

# IN SKAARS TYD

Moet elkeen siin om alles so GOEDKOOP, mar daarom so Degelik molik te kry.

## KOM NA

## D. F. DU TOIT & CO., BEPERK,

### PAARLSE DRUKKERY,

EN DAAR SAL JULLE GEHELP RAAK.

## WIL JY 'N GOEDKOOP EN DEGELIK KOERANT?

"DE PAARL" is 'n volledige Hollanse Nuwsblad. Dit kom 3-maal per week uit met Plaselik en Algemeen Nuws, Telegramme, Markberigte, ens., ens., en kos mar net 17/6 per pos, per jaar, of 4/6 per kwartaal, VOORUIT BETAALBAAR. Proefnommers word verniit gestuur.

## WIL JY 'N GOEDKOOP EN DEGELIKE WEEKBLAD?

Teken dan in op "DI AFRIKAANSE PATRIOT," opgerig in 1876, en al di 20 jare di Orgaan van di Afrikaner Party en di Afrikaner Bond;—*di Vader van "Ons Klyntji,"*—di Verdediger van di Regte van ons Afrikaners.

*Di Patriot* kom elke Donderdag middag uit met al di vernaamste Nuws van di week; Telegramme; Markberigte van Kaap, Port Elisabeth, Kimberley, Johannesburg. *Di Patriot* bevat meer Korrespondensiis en Bondsversla'e as enig ander blad. Daarin kry 'n mens di gevoele van Afrikaners en wat di Bond doet.

*Di Patriot* is di erkende Orgaan van di Afdelingsrade van Hope Town, Steynsburg, Prieska, Philipstown, Aliwal Noord, Prins Albert, Hay, Herbert, Sutherland, Frasersburg, Barkly Oost.

*Di Patriot* is waarlik spotkoop; want terwyl hy gemiddeld wekeliks ruim 25 kolomme fijn gedrukte leesstof gé, is di prys daarom mar 15/- per jaar per pos, VOORUIT BETAALBAAR.

Ver *Advertensiis* is *Di Patriot* di koerant; goedkoop; en dit word deur duisende gelees. As jy iits te adverteer het, sit dit in *Di Patriot.*

## WIL JY GESONDE GRISTELIK GEREFORMEERDE LEKTUUR?

Lees "DE GETUIGE." Dit verskyn twemaal per maand en bevat o.a. Bybelstudiis, Leerstellige Verhandelings, Praktise Betragtings, Teekene der Tyde, Vrage en Antwoorde oer Bybelse punte, ens., ens. Dit kos mar net 5/- per jaar, 6/- per pos.

## WIL JY GOEIE GOEDKOPE HOLLANSE BOEKE?

Skrywe om 'n Pryslys an D. F. DU TOIT & CO., BEPERK, PAARL. Di voorraad is groot van allerhande soorte Godsdiinstige en andere Boeke, van goeie bekende Skrywers.

## WIL JY MOOI KAARTJIIS?

Tekskaartjiis, Trou- en Roukaartjiis, Kaartjiis ver Verjaarsdage, ens. Skrywe na di PAARLSE DRUKKERY.

## WIL JY GOEDKOOP EN NETJIIS DRUKWERK?

Gé ver D. F. DU TOIT & CO., BEPERK, 'n kans, en ons denk ni jy sal weer na 'n ander plek gaan ni.




KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.] ONS KLYNTJI, JULI 1896. [No 5.

## Inhoud.

DI ONVANGS FAN "ONS KLYNTJI."—Gedig deur D. G.R. en deur Oom Keessi. ... ... ... ... 73
'N BESOEK FAN "ONS KLYNTJI."—Gedig deur C. N. ... 74
DI KONINGIN FAN SKEBA.—VII. Di Antwoord van di Molimo en di Ferraad fan di Kaffers. ... ... 74
DI REENBOOG.—Gedig deur M. H. Nezer. ... ... 77
JAKOB PLATTJI.—II. In di Tronk.—III. Plattji gaan op Tog. ... ... ... ... ... ... ... 77
MORGE LIED.—Deur Neef Jan ... ... ... ... 84
DI ROOSKNOPPI.—(Bekroonde Prysvrage).—I. Di Kennismaking. ... ... ... ... ... ... ... 84
RYKE MENSE.—Baron Hirsch. ... ... ... ... 87
DI FRYER FAN NIG BETTI.—Gedig deur K. L. ... 89
PRAATJIIS O'ER DI NATUUR.—Di Maan, Planete, Meteore, Komete en Sterre. ... ... ... ... ... 89
O'ER ONS TAAL EN TAALKUNDE.—Di Letter *F* ferdedig hom self. ... ... ... ... ... ... 91
FOOR HONDERD JAAR EN NOU.—Ontfoltooide Gedig, fer follende Prysfraag.... ... ... ... ... 92
BLADSY FAN ONS LESERS. ... ... ... ... 92
FERNEDER JOU ONDER GODS HAND.—Gedig deur J. S. 94
RAAISELS ... ... ... ... ... ... ... ... 94
PRYSVRAGE ... ... ... ... ... ... ... 95
NUTTIG EN FERMAKELIK.—Skaak Spel No. 1. ... ... 95
DI SAAR FAN RUSLAND, met Portret. ... ... ... 96

## Di Ontfangs fan "Ons Klyntji."

Nou ja, ik wil jul graag fertel
Hoe dat dit is by my gestel
  Wanneer *Ons Klyntji* kom ;
Want almal wil hom eerste hê ;
Partykeer moet ik sommar sê :
  "Mar, kinders, *ik* het hom."

As ik mar net nog het begin
Dan kom dar weer 'n ander in,
  Di fra om hom te kry.
Partykeer moet ik twé maal lees,
Om te ferstaan hoe dit moet wees.
  Dit laat di kinders stry.

Myn frou, ik siin haar wynig lees,
Mar kom *hy*, ja, dis klaar met kees !
  Fer haar moet ik dit gé.
Ik 's bang sy kan straks roesi maak
En om myn lése ni te staak,
  Dan sê ik : "Kom, lees mé !"

Ik het nou so 'n plan gemaak,
Dit fal fer elk een in di smaak :
  Dat ik dit hard moet lees ;
En kom "*Ons Klyntji*" nou in huis,
Dan 's almal daar, ja, ok inkluis
  Di myd moet daarby wees.

Myn frinde ook is heel dag hiir,
Hul is my baing tot displesiir ;
  Hul kom *Ons Klyntji* fra.
Dan gaan hy rond fan huis tot huis ;
Di fyande kyk per abuis
  Dan ok syn blaatjiis na.

Net al wat ik fan hom kan seg :
Hy bly partykeer te lank weg ;
  Hy laat fer my ferlang.
Fer myn part kan hy twé maal kom ;
Dit sal syn fyande ferstom ;
  Hul word misskiin nog bang.

D. G. R.

## Di Ontfangs fan "Ons Klyntji."

*Ons Klyntji* het ek nou gekry,
En daarom is ek regte bly.
Wat sal ek fan *Ons Klyntji* sê ?
Net fyande wil hom ni hê.
Mar hulle foer daar niks mé uit ;
Hul moet mar net hul neus uitsnuit ;
So baing het hul al geniis.
Hul òre het mos nog 'n fliis.

*Ons Klyntji* het mos feul ferstand :
Lat hom mar groot word in ons land.
Ek sal nog fer hom name soek ;
Skryf di dan almal in jul boek.
Mar name wat hom sal betaal,
Om fan di Paarl af hom te haal.
Oom Jan lat groetnis weet fer hom ;
Hy wou ok skryf, mar is te dom.
Dit seg hy moet ek fer hom sê :
Hy wou hom mos so graag ok hê.
Dalk word ek eendag nog Agent.
Di ding is nog ni op 'n ent.
En hiirmé sal ek nou mar sluit ;
Myn digkuns raak dalk anders uit ;
En jy het dalk daarfoor gen plaas.
Wat help my dan al myn geraas ?

OOM KEESSI.

## 'n Besoek fan "Ons Klyntji."

Ik is tog so bly
As 'k *Ons Klyntji* kry ;
Al moet 'k hom betaal,
En bo'nop laat haal.
En kom hy in huis,
Dan 's dit 'n gedruis.
Myn boet, myn sus myn Pa, myn Ma,
Net almal het hom iits te fra.
Di laaste keer toen hy hiir kom
Sê ek : "Wat kom fertel jy, jong ?"
En na di groet het hy begin
Fertel fan Skebas Koningin
Hy weet fan mentoor Moos en Kees.
Kyk, waar 't di klyn jong dit gelees ?
Tot fan di Son weet hy te prate,
Dat daarin 's grote donkere gate.
Kyk, dit is wonderlik, dis waar !
Party word daarfan so mar naar.
Fan Piet Cronje en Generaal Smit,
Wat soos 'n ware held daar sit.
Dit is fer ons di moeite wêrd ;
Net jammer daar ontbreek di pêrd.
Yndlik sê hy : "Dit is nou klaar,
Mar kom jul eers nog bymekaar,
En raai nou wat ik fer jul fra.'
"Dis mooi so"—sê myn Ma en Pa.
Hy 't toen gefra, ons het geraai,
Dit was 'n pret en groot lawaai.
Party raai raak ; mar soos dit is,
Party di sê hy : "Dit is mis !"
Di leste een, di sê myn sus :
"Né, di is seker 'n *Rebus*,
Di kan ons nog ni reg ferstaan,
So sal ons dit dan mar laat staan."
Nou goeindag, Klyntji, maak gou !
En kom ons wag al weer fer jou.

C. N.

# Di Koningin fan Skeba,

OF

# SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

VERKORTE INHOUD.—Langs di Aandfuur by di wa langs Simbabwe kom di Towerdokter Umsalomi, wat deur di Kaptyn Umgabe "uitgeruik" is, flugtende fer syn léwe. Ons belowe hom beskerming, as hy ons di gehyme van di oue rewines fertel en alles gaan wys. Hy fertel ons hulle o'erlewerings fan di Witte Koningin, wat froe'er hiir geregeer het, en nou nog onder di Kop woon, en al jare oestyd met folle maan fer hulle kom segen, as hulle in di grot onder di berg fer haar en haar jong nois 'n bok slag en biir breng.

Met drang en drygemente beweeg ons hom om fer ons di plek te gaan wys. Hy breng ons by di ingang en met grote moeite skuiwe ons di grote klip weg, en find werkelik di grot met geraamtes en biirpotte. Op ferdere drang breng hy ons ferder met 'n onderaardse gang tot onder di grote ronde gebou, waar 'n menigte fertrekke onder di grond is, en in 'n fersegelde kamer onder di gehymsinnige toren kry ons 'n graniit-kis, met 'n goue offerbak, 3 goue y'ers, 3 goue *falli*, en 'n goue koker, met 'n perkament rol daarin, waarop oue Hebreeuse letters staan, en wat ons alleen méneem. Toen ons terugkom was di grote klip weer op di uitgang en ons kon dit onmolik ni ope kry ni.

Tot o'ermaat fan smart was ons kêrse amper op. Gelukkig besorg Umsalomi ons 'n lamp. Ons gaan met di regterhandse gang onder di Kop in deur 'n onderaardse riviir. Kry nog 2 grotte met geraamtes en verroeste wapens, en 'n yster kissi met 'n halfvermufte papirus-rol. Met 'n style gang op, wat opgestop was fan los klippers, wat ons moes wegrol, kom ons yndelik tussen rewines en brand netel-bosse uit. Na 'n bitji slaap siin ons di follende oggend hoe di Kaffers di grot toegemaak en di vé daaro'er geja het. Ons wyger om Musalomi af te gé an syn kaptyn en gaan samen met Mnr. Fry di kop besoek. Di aand gaan ek met Eerw. Louw same om di nag in syn studeerkamer te perbeer di rol te ontsyfer.

Met baing moeite di Rol ontsyfer. Dis fan Salomo syn gehymskrywer Elihoref, wat oek prins gemaal was fan di Koningin fan Skeba, en wat daarin fermeld, dat hy di geskidenis fan de Koninkryk beskrywe het, en dat di beskrywing bewaar is onder di berg Afoer, fêr in di noordweste. same met di lijke fan di Koninginne fan di Koninkryk en met grote skatte. Henni laat fer Umsalomi doosse goi, en hy sê ons moet by di Molimo, in di Motoppo berge, gaan ferneem waar di berg is, want ons kan dit ni anders uitfinde ni. Op ons terugrys ferneem ons op di Selukwe goudfelde di pad na di Molimo toe. Daar moes ons eers na di Kaptyn en toen na 'n towerheks, wat fer ons sê hoe ons moet maak om di Molimo te fra, en fan wi ons 'n goue halsband ruil, wat na 'n oue Egiptise amulet lijk.

## VII. DI ANTWOORD EN DI FERRAAD.

*Fergeefs wag gehou.—Klaas beloer di Kaffers.—Di wonderlike Fo'el.—Ons Fraag en di Molimo syn Antwoord.—Di afgeluisterde Samespanning.*

DI twéde aand by di Molimo syn grot maak ons plan om Umsalomi en di induna op te pas. Daartoe gaan Henni en ek 'n entji fan di wa af slaap. Sodra dit alles stil was gaan ons twé saggiis om di ingang fan di grot en gaan lo by di skeur, wat uit di grot uit opgaan sit, soos ons dit di forige dag bekyk het. Want ons denk dan kan ons fan bo af beter gewaar as di 2 ankom na di grot toe; en as hulle in di grot praat met di Molimo, dan kan ons dit beter hoor, want di klank slaan mos op, en dit was 'n mooi stille aand.

Mar ons het daar gesit tot omtrent middernag, en ons gewaar niks. Henni het al 'n paar male begin te pruttel. Ek het hom egter telkens gepaai. Mar naderhand sê hy: "Né, wat bog! Ek sal ni fer di Kaffers hulle pelsiir di héle nag hiir sit ni." En toen wou hy oek ni langer bly ni.

Ek maak toen plan, ons sal stil stil teruggaan na di wa toe, en dan loer of di 2 Kaffers nog onder di wa lê. Mar ons siin hulle lê gerus te slaap en ons gaan oek slaap.

Di ander dag oggend fertel Klaas ons: Kort na ons 2 weg was na di grot toe het di 2 Kaffers opgestaan, en terug geloop, omtrent soos ons met di wa gekom het, dus in di rigting na di kraal toe, en ni lank foor ons is hulle terug gekom ni.

Neef Gideon en Henni wou ni bra fer Klaas glo ni. Mar Neef Hendrik erg hom, en sê: di klynjong het hom nog nooit 'n leu'en fertel ni. En ek herinner hulle daaran, dat Klaas hom di héle dag uitslaap agter di osse, en dus maklik snags baing kan wakker wees, en dat ek al opgemerk het dat di klyne Koranna net baing los slaap.

Ons kom dus tot di besluit om di follende aand di 2 nog beter op te pas, om te siin wat hulle planne is. Di Kaffers gaan di oggend di derde bok slag en ons bekyk di grot weer noukeurig. Ons gaan di dag om di beurt 'n bitji wild skiit, en di ander hou altyd 'n oog op di Kaffers. Mar hulle slaap amper di héle dag by di wa. Net een slag is daar 2 Kaffers fan di kraal by hulle gewees, en oek mar sowat 'n half uur het hulle gesels, en toen weer weg gegaan.

Di aand skemerdonker moes ons nou ons fraag an di Molimo gaan doen en syn andwoord ontfang. Skemeraand gaan ons toen almal foor di grot wag hou, en laat Klaas alleen by di wa.

Toen dit goed skemer was kom di fo'el daar uit. Dis 'n wonderlike fo'el, wat ons toen al gesiin had by Gwelo en by di Selukwe Goudfelde en by Simbabwe. Di fo'el vliig net soggens fan dit begin skemerdag worde tot sonop, en dan weer saans fan son-onder tot donker. In di dag en in di nag siin jy hulle ni. Dan lyk hy wonderlik oek in di skemer.* Hy is di grote fan 'n nôis-uil, mar hy het lange slappe lintfére an syn flerke, langer as syn flerke self, waarmé hy in di lug speul. Ons wou di fo'el al so graag fan naby siin, en had baing moeite gedoen om een te skiit, mar dis net ferniit. By di Selukwe Goudfelde het ek een aand een geskiit, dat hy fal, mar toen ek hom wou gaan optel, fliig hy weer weg.

Ons had nou al fooraf plan gemaak hoe om ons fraag te stel, want di oue towerheks had mos gesê: ons moet reg fra, omdat di Molimo mar net *eenkeer* antwoord gé.

Net na di fo'el uitgekom het fliig hy enige male so om di bek fan di grot en fliig toen weg. En di induna sê toen, ons moet met hom in di ingang fan di grot gaan staan en fer hom ons fraag sê, dan sal hy dit an di Molimo tolk. Mar dis nou weer 'n dubbele tolkery, nes by di towerheks, want ons moet eers fer Henni laat tolk an di induna, en hy fertolk weer an di Molimo, en dan moes hy weer an Henni in gewone Kaffertaal fertolk wat di Molimo sê, en Henni moes dit weer an ons fertolk. Want di induna praat met di towerheks en met di Molimo 'n taal wat Henni ni ferstaan ni.

Vollens ons afspraak stel ons di fraag aldus:—

"*ô Molimo! ons kom fan Simbabwe, waar di Witte Koningin woon, en daar het ons ferneem, dat ons na di berg Afoer moet gaan, en daar sal ons di oue boeke en begrawe skatte fan di oue tyd kry. Mar ons weet ni waar di berg Afoer is ni, en nimand kan fer ons sê ni. Daarom het ons na jou gekom, om te hoor waar di berg Afoer is en hoe ons moet maak om daar te kom en di oue boeke en skatte te kry.*"

Daar was 'n ruk stilte, nadat di induna di fraag hardop en lanksaam, woord fer woord, uitgeroep het in di donkere grot. Dood stil staan ons nou di antwoord af te wag; want di induna had fer ons gesê om stil te wees en niks te praat ni. Net een mog di fraag sê en laat tolk. En ons had fooraf plan gemaak, elkeen moes perbeer om di antwoord so letterlik molikste onthou; want in di donker kon ek dit ni antéken nes by di towerheks ni. Na omtrent 'n 5 minute wag, antwoord di Molimo diip uit di grot met 'n sterke, mar holle stem.

Ek gé di inhoud so letterlik molik, soos ek dit opgetéken het sodra ons terug was by di wa. Ons laat eers di induna dit herhaal en fer Henni tolk, en sin fer sin bespreek ons, soos ons dit onthou het; en feral Neef Gideon het 'n buitengewoon sterke geheuge. So dat ek di antwoord hiir amper letterlik laat folg:—

Di Molimo praat.

Hy, wat kan siin in di donker;
wat kan hoor di swygende gedagte.
Hy siin di kinders fan di dag;
hy hoor wat hulle hart fra.
Hulle kom fêr, waar di vuurwa loop;
waar di mense praat met di bliksem.
En tog kan hulle ni hoor soos di Molimo n ;
hulle weet ni wat hy ken ni.
Hulle soek na di ferborge dinge,
oud, wat di tyd al lank dood gemaak het.

* Vergelijk *Sambesia* bl. 148.

Hulle soek na verborge skatte,
Wat diip onder di berg begrawe is.

(Hij bly by 'n rukke stil, sodat ons al ongerus word dat hy ni ferder sal praat ni. Ons hou ons asem op, en na omtrent 'n minut begin hy weer :- )

Ek siin di berg Foera !
Fêr, fêr, waar di son gaan slaap.
Anderkant di Soutpanne.
By hom self staan di berg,
in di wye bosfeld,
waar gen byl di boom kap ni ;
waar di witarnoster nog wy :
Waar di olifant di mopani-bome top.
Ek siin kamers onder di berg,
Diip, diip, tot an di berg syn wortel.
Daar leg di fersteende lykete slaap.
Hulle slaap soos di rotse wat hulle bedek.
Daar lê di oue woorde op fel ;
wat fertel van fêrre foorgeslagte.
En daar lê di ryke skatte,
goud en edelgesteentes,
Onferganselik nes di fersteende lyke.

(Hiir bly hy weer 'n rukki stil, en telkens begin hy weer met ferheffing fan steem. Buitendiin praat hy so lanksaam, dat di induna en Henni kan fertolk).

Mar di kamers is toegesluit.
Gen mens ken di deur ni.
Di aasvo'el ken di pad ni.
Di oog fan di falk het dit ni gesiin ni.
Di lee het di pad ni geloop ni.
Selfs di flêrmuis kan daar ni in ni.
Mar di Molimo siin di pad.
Hy siin dit met syn oog .
Di kinders fan di dag sal dit kry ;
want Molimo gé di woord :—
In di Westekant is 2 klipbanke,
En daaronder 2 grote klippe.
Tussen di klippe groei 'n boom.
Syn wortels bedek di deur.

(Hiir bly hy nog langer stil, sodat ons al buiten asem was fan benoudhyd dat hy ni ferder sal praat ni en dan baat dit ons niks ; want dan weet ons nog ni hoe di berg te kry ni. Mar na 2 of 3 minute begin hy weer) :—

Mar di kinders fan di dag fra di pad,
di pad na di berg Foera toe.
Hulle moet weer di pad loop wat hulle gekom het.
En daar waar hulle isipsi grawe,
di ferste graweplek hiirfandaan af,
daar moet hulle weer gaan uitspan,
onder di grote platte haakdoornbos.
Daar sal 2 boesman-kaffers kom.
Hulle weet fan di berg Foera.
Hulle kom fêr fandaan af,
en dis nog 3 dage fan hulle kraal af.
Hulle sal di kinders fan di dag daar breng ;
want di Molimo ken fer hulle.
En dis nou di woord.
En di woord is di waarhyd.
Di Molimo het gepraat.

Di Molimo syn antwoord was dus in omslagtige bewoordings en hoogdrawende styl, mar ni so duister as di oue Griikse orakels ni. Ten minste dit was fer ons dadelik duidelik, dat ons moes teruggaan na Tati toe en wel na de "Monarch" rif.* Daar was ons uitgespan, naby di myn-kamp, onder 'n grote haakdoornbos, wat bo op heeltemaal plat is ; daar was fan di boesman-kaffers by ons, wat fêr noordwes fandaan kom ; en hulle had ons fertel oek fan oue mynwerke onder 'n berg in, nog ferder as waar hulle woon.

So dus lyk di anwysing fan di Molimo reg, so fêr as ons dit kon nagaan. Mar daaro'er pratende sê Henni al dadelik weer : hy glo di Kaffers tog ni, en ons sal gek wees as ons so fêr gaan terug ry met diselfde pad, op di Kaffer syn anwysing. En Neef Gideon was oek mar twyfelagtig op di punt. Di twé wou liwers o'er Soutpansberg terug gaan. Mar Neef Hendrik en ek hou styf, en na 'n tamelik lange beraad besluit ons om dit mar te waag, en te kyk wat daarfan kom. Di ander dag mor'e froeg sou ons begin.

Dan wys ek hulle daarop, dat ons nou di laaste nag di Kaffers goed moes oppas. As hulle altemit ferraad speul, dan sal ons dit wel uitfinde. Henni en ek gaan weer 'n endji fan di wa af slaap, om di grot te gaan oppas soos alles in rus is. Mar an Klaas gé ons order, as ons weg is moet hy di Kaffers goed oppas, en as hulle mog opstaan, moet hij kyk waarheen hulle gaan. Gaan hulle na di grot toe, dan moes hy hulle mar laat loop ; dan sal ons hulle wel afloer en afluister. Mar neem hulle 'n ander koers, dan moet hij Neef Gideon en Neef Hendrik wakker maak om fer hulle te folg en te kyk waar hulle gaan

Henni het eers wel 'n bitji gepruttel, om weer daar by di gat te gaan sit, feral om hy ni eens kan rook ni. Mar ek het hom getroos daarmé, dat ons di sakpistool sal méneem, en dan kan ons nou en dan 'n sopi en snuifi neem.

* Sambesia, bl. 37—41.

So gaan ons 2 dan, weer met 'n ompad, bo op di grot by de skeur sit. En dit het oek ni al te lank geduur ni, of ons hoor di 2 Kaffers ankom, en hulle gaan oek reguit di grot in. Gelukkig ken Umsalomi glo oek ni bra di taal wat di induna met di towerheks en met di Molimo praat ni; so praat hulle 2 met makaar di gewone Kaffertaal wat Henni kan ferstaan.

Om nou di hèle gesprek letterlik te gé, is onmolik. Want fereers, dit was wel weer 'n mooi stille aand en en ons kon tamelik goed hoor by di skeur (waarop Henni met syn oor lê, en dan fer my sutjiis fertolk wat hulle praat), mar tog kon ons ni alles opfang ni. En dan is 'n Kaffer mar baing omslagtig oek. Daarom gé ek mar di hoofpunte fan ons befindings,

Toen di 2 in di grot kom fluit een fan hulle 'n paar male, en kort daarna kon ons duidelik di stemme fan hulle 2 en fan di Molimo en fan di oue towerheks en fan nog 'n myd hoor (denkelik di dogtor fan di towerheks). Dit befestig ons toen in di mening, dat di 2 grotte weerskante fan di rant onder in makaar loop; sodat di Molima en di towerheks in ferbinding met makaar is. Mar ons moes enkel op ons gehoor gaan, want dit was pik donker in di grot.

Di eerste loop hulle gesprek o'er Umsalomi. Hy fertel hulle hoe hy uitgeruik is; hoe ons hom beskerm het, en wat alles ferder gebeur is. Daaruit blyk toen onder andere, dat Umsalomi hiir by di Molimo syn kuns as dolos gooier en reenmaker geleer het, en di ander towerdokter wat fer hom uitgeruik het, di kom fan Soutpansberg, en het syn kuns by Majatji geleer. Toen was dit 'n hele redenasi: wi di sterkste en slimste is, di Molimo of Majatji, en 'n planmakery om di ander towerdokter by Umgabe weer te gaan uitwerk. Ons dog al dat di gepraat fer ons gen belang het ni.

Mar toen kom di fraag hoe Umsalomi fan ons af sal los kom, en hoe hy hom sal kan ferantwoorde by Umgahe, dat hy fer ons onder di kop ingebreng en alles gewys het. Daarop was di Molimo syn raad: hy moet mar met ons megaan tot by Tati en dan sal di boesman-kaffers fer ons in 'n ferkeerde rigting ly en tussen di grootwild breng. En dan sal ons di dag baing wild skiit. En di nag moet hy same met di 2 boesman-kaffers weg loop, en ons in di woeste feld in di steek laat. Ons sal dan nooit weer iits gewaar fan di Boesmans ni, en alle hoop opge om di berg Foera te kry en terruggaan na ons land toe. Umsalomi moet dan terug kom hiir na di Molimo toe, en hy sal dan fer hom ferder leer en sê hoe hy moet maak.

Dit was di hoofsaak fan hulle gesprekke. Di oue towerheks wou hê, hulle moes ons di nag fermoor, met behulp fan enige kaffers fan di kraal en dan haar halsband terug neem en al ons mooi goed oek. Mar di frees fer di meksims,—en Umsalomi het fas geglo dat ons rewolwers meksims was,—het di plan gou laat afkeur. Mar toen maak hulle plan dat Umsalomi later moet perbeer om di halsband fan ons af te steel, en weg te steek, en me te breng as hy terug kom.

Nadat di kaffers 'n rak weg was gaan Henni en ek toen oek terug en gaan slaap.

## Di Reenboog.

Anskou di fraaie regenboog,
So trots daar an di hemel hoog
Tot ferlustiging fir ons oog.
Di pronkstuk fan Godsiskoon natuur,
Een sinnebeeld fan Syn bestuur,
Wat pryk in aand en morre uur.

Hy staan as teken fan Gods mag
Met syn feelkleur'ge skitterprag,
Sowel by dag as oek by nag.
Jy siin hom soms by maneskyn,
Firrukkend skoon fir groot en klyn,
Wanneer 'n regenstorm ferdwyn.

Mar buiten dat di reenboog nou
So heerlik is om te anskou
Moet ons nog daarby oek onthou:
Dat God het 'n firbond gemaak
Met Noach toen hy weer fry raak,
En dat Hy ons oek steeds bewaak.

M. H. NESER.

## Jakob Plattji,

OF

## Sketse van Hotnots en Boesmans Lewe in Suid Afrika

DEUR

HANS KAAPNAAR.

### HOOFSTUK II.

*Na Vrolikhyd kom Olikhyd.—Voor di Magstraat.—In di Tronk.—Ou Dronk Spaas.—Di Stori van Bobbejaan en Ertvark.—Plattji is weg.*

SINA skrik wakker en kyk om haar rond. "Hemel! waar is ons goed?"—roep sy uit. Sy pomp en stamp Idries in di ribbe en ruk en pluk hom rond om hom wakker te kry.

"Wat wil jy hê? Wat lê jy tog an 'n mens syn lyf te penter?—Basta lol as 'n mens 'n bitji wil slaap!"

"Wat slaap? wat slaap? - kyk daar, daar loop 'n man met ons goed weg.—Vang hom, Vang hom!"—

Idries spring op, vrywe syn o'e, soek syn kiri, mar kry dit ni. Hy gryp toen 3 klippe, hou di in syn hand en hardloop di Hotnot agterna, en binne 500 tré'e was hy op syn haakke. Hy brand los met 'n klip—mis! 'n Anner klip—weer mis! Nog 'n klip—annermaal mis! Hy gryp nog 'n klip, haak af—raak—agter di kop—plat—te'en di sand!

Mar eer Idries by di diif was, was hy op, en staan met syn kiri klaar. Idries spring toe; di diif slaan, mar Idries gryp di kiri, en in 'n omsiintjiis tyd was daar

'n hewige geveg. Idries met syn vrinde veg teen di diif en syn vrinde. Di k[illegible]iriis di klap, di bottel stukke di vliig, di myde di vloe[illegible]k, di kinners di huil en di honde di blaf. Mar, mar, [illegible]uk di konstawels was oek daar en een, twé, dri ly hul [illegible]al di baasbaklyers tronk toe en di remoer was op 'n [illegible]nend.

[Di geskiede[illegible]is het gebeur kort na di slawe fry geworde het [illegible]en juis op di dag was di magstraat (of landdros) [illegible], op verlof weg en daar was 'n waarnemende magstra[illegible]erlat angestel om di sake so lang waar te neem].

Di [illegible] follende dag word by di magstraats kantoor di f[illegible]lende name uitgelees :—Idries, Hendrik, Spaas, en Plattji. Hul word deur 'n Konstawel binne gely en in di prisseniirs boks op 'n ry geplaas. Di Konstawel bly by di deur van di boks staan. Daar was 'n geraas, mar di bode roep : "stilte !" en daar was stilte.

Di Magstraat sê : "Idries, jy word beskuldig fan anranding op di persoon fan Hendrik ; is jy skuldig of onskuldig ?"

"Sê an di magstraat, sê, Hendrik het di eerste jou goed gesteel—di fergalgste dief"—fal ou Sina in.

"Jy moet wag tot jou beurt kom om te praat."—sê di magstraat,—"ek praat ni met jou ni, ek praat met Idries."

"Ja, ek kan hiir oud worde eer myn beurt kom om te praat, en Idries is so'n papbroek, dat hy "Ja" op enig ding sal sê,"—fal ou Sina weer in.

"Ek order jou om stil te wees hoor jy ?"—was di bevel van di magstraat.

"Nou ja, Idries, dan hou jy ook jou lyf mar stil, en laat hul di ding dan self uitfinde.—wat help dit om jou saak te verdedig ?"

"Neem di myd uit di boks, tot ek haar weer sal inroep"—was anner maal di orders fan di magstraat. Sina word uit di prisseniers boks uitgely en buitekant gesit, en terwyl di Konstawel uitly, roep sy hard uit : "Dis di manier wat 'n mens voor di regters reg kry ; jou mond moet jy hou, of hul wys jou di tronkdeur an. Wag mar, daar kom oek 'n ynde an as dit te laat is, as ons ammal een dag dood is."

Di Konstawel ruk haar arm en sê : Hou joubek !"

"Jy moet ni myn arm so ruk en pluk ni, ek ferdra dit ni"—sê ou Sina nog eens brutaal.

"Wel, Idries,"—fra di magstraat,—"is jy skuldig of onskuldig ? Kom sê, moet ni bang wees ni."

"Né meneer, ek het hom geslaan, omdat hy di eerste myn goed gesteel het,"—was di antwoord.

"A so, dan het jy hom tog geslaan. Weet jy, myn liwe jong, dat jy di wet in jou y'e hande ni mag vat ni, hier moet jy kom kla het, en ek sal di wet gehandhaaf het, ni jy ni. Nou, omdat dit di eerste maal is, dat jy foor di hof kom, sal ek jou mar met 14 da'e gefangenis, sonner harde arbyd, straf."

"Mar meneer, hoe kan ek anners gemaak het, as ek eers moet kom kla het, waar het di dief intussen tyd met myn goed geloop ?"

"Stil, doen soos ek fir jou sê, moet ni beter wil weet ni, of jy kry 10 met di kats agter jou kale blaaie."

"Nou nommer 2," sê di magstaat, "Hendrik, jy word beskuldig dat jy goed fan Idries en andere gesteel het : is jy skullig of onskullig ?"

"Onskullig," sê Hendrik.

Di magstraat sê : "Bring di prisseniir Idries in di getui'e boks." Di konstawel by di deur voer di orders uit. Na Idries ingesweer was ferklaar hy : "Meneer, ons het fan Dia'ensteen gekom. Ons het ons lyf by Bob syn kantien lekker gemaak. Ons het goed by di winkels gekoop en toen het ons......"

"Wi ons, wi ons ?"—vraag di magstraat éwe ongedullig, terwyl hy met syn knukkels fier keer op syn des slaan.—"Wi ons ?"

"Ek, Sina, en Plattji,"—antwoord Idries.

"Nou ja, gaan an."

"Ons het goed by di winkels gekoop, en toen het ons weer ons lyf gaan skirk maak, en toen ons foel dat di lawaai-water begin te trek het ons ons kop ingetrek, stillitjes weg gestap en agter 'n bos gaan lê. Ons het nimand gehinner ni, ons het éwe rustig weg gegaan, en ons het éwe rustig gaan sit, éwe rustig and' slaap geraak, en éwe rustig geslaap. Myn vrou......"

"Wi's jou vrou ?"—weer 'n ongedullige stamp.

"Sina, meneer,"—sê hy éwe verlé'e.

"Nou ja, waarom sê jy dan ni so ni ?"

"Myn vrou skrik wakker en karnuffel my in di ribbe en sê: daar loop 'n man wat ons goed gesteel het en...."

"Het sy met haar o'e gesien, dat hy di goed gefat het ?"—fra di magstraat.

"Né, meneer, toen sy hom sien, staan hy, of liwers loop hy met ons goed weg."

"En is dit nou alles wat jy en julle fan di saak afweet ?"

"Ja, meneer,"—was di néderige an'woord,—"en toen het ek ons goed weer afgefat."

"Laat di getui'e Idries uit, en bring prissenier Hendrik in di getuie'e boks—Wel, Hendrik, beloof jy, en sweer jy, dat di getui'enis wat jy foor di hof sal aflê sal wees di waarhyd, niks as di waarhyd, en de geheele waarhyd ?" Héndrik sweer.

"Hendrik, kom fertel ons nou wat jy weet fan di saak."—sê di magstraat weer

"Meneer, 'n man kom met di goed 'na my en hy sê : 'hou dit fir my 'n bitji fas,'—ek fat dit, di man loop weg, en toen ek my weer kom kry koe'el Idries my met di klippe, en gôi my agter myn kop met 'n klip, ek val en toen was daar 'n heftige bakly'ery. Dis waar, meneer, ek het wettiglik di goed in myn hand gehad, mar *ek* het dit ni gefat ni."

"Is dit waar, Hendrik, want jy moet weet dat dit al di—wag laat ek sien—dat dit al di 15de maal is dat jy foor di hof gekom het."

"Meneer, dis waar."

"Nou ja terwijl Idries ferklaar dat hy jou ni di goed gesien fat het ni, so kan jy mar gaan, pas op, mannetji, dat jy ni weer hier kom ni."

"Di derde op di lys is Spaas.—Jy word beskullig dat jy bakly het, en dronk gewees het ; is jy skullig,

of onskullig ?"—fra di magstraat. Ou dronk Spaas kyk di magstraat fan syn kop tot syn foete en fan syn foete tot syn kop en sê : "Sê mar 14 da'e, want ek kan sien jou bek staan soemar weer fer 14 da'e."

"Né,"—sê di magstraat,—"ek sal jou di slag 'n maand gé en pasop dat jy ni weer foor my kom ni."

Met Sina het dit mar kort gegaan ; want di Magstraat het gesien dat haar tong nes 'n skeermes was ; so kry sy 'n week fer bakly en oproer, en 'n week fer minagting fan di hof; dus kry sy ook 14 da'e.

"Mar wat het Plattji gedoen ? Ek sien niks teen hom ni,"—fra di magstraat. "Hoe kom is jy hier, wi's jou baas, waar woon jy, myn liwe klynjong ?"

"Myn baas is Ferdinand Warm, hy woon in Dra'-ensteen, één uur hiervandaan af."

"Watter werk doen jy ?"

"Vark oppas, meneer."

"Wi kyk nou na di farkens ?"

"Nimand, ni meneer ; hul staan op hok so lang ek met tata en memme dorptoe gekom het."

"Nou ja, jou tata en memme moet ider 14 da'e in di tronk bly, en jy kan mar huistoe gaan, om jou baas syn farkens op te pas ; jy sê mos dis net 'n uur hierfandaan af."

Toen Plattji dit hoor bars hy in trane uit en gryp syn moeder om di lyf en wou haar ni laat gaan ni : hy was van haar ni los te skeur ni, mar roep gedurig uit : "Myn tata. myn memme, ek wil liwers by julle in di tronk bly. Help tog, help tog !"

Ofskoon dit hartroerend genoeg was, kon di Magstraat Plattji verniet ni op tronk hou ni, en toen ouers en kind uit makaar gaan, roep Sina uit : "Sê tog di baas en nôi moet ons tog gou-gou uit di tronk kom haal, ons sal vir hulle seker ferwag."

Di bloedig klyne Plattji skaars 10 of 12 jaar oud word alleen op straat geset, om di rampspoedige tijding huis toe te bring. En terwyl Idries en Sina di tronkdeur agter hul hoor toe klap, hoor hul di huilende stem fan Platiti al verder en verder gaan tot hul dit ni meer kan hoor ni.

Idries en Sina gaan in di tronk agterplaas langs 'n muur sit en bekyk toen di tronk bedaard in alle rigtinge rond, en toen hul gaan sit gé elkeen 'n diepe sug, mar sê niks ni.

Na 'n tydji stilte sê Sina : "Ek wonner of di baas ons gou sal kom uithaal ?"

"Hoe kan jy so praat, jy weet mos di baas is fan môr'e fan huis af weg en sal meer as 'n week weg bly."

"Nou ja, dan kan di nôi ons kom haal,"—sê Sina.

"Hoe kan di nôi nou kom, as di baas di kar en pêre weg het."

"As hul *wil*, kan hul ons kom uithaal, so ni, dan kan ons mar frek in di tronk."

Dit het toen ni lang geduur ni of Idries en Sina hulle hare was kort teen hulle kop afgeskeer en hul sit in bandiet-klére. Hul sit stil, mar kan ni help om te lag fer di gramaste fan enkele fan di prisseniers in di agterplaas ni.

Sina denk mar gedurig an Plattji en kan ni help ni om nou en dan te fra : Waar hy nou loop, wanner hy tuis sal wees, en of di nôi sal stuur om hulle uit di tronk te haal. "Ag," roep sy uit, "ek is tog so jammer fer di arme kind, hy is tog nog só jong, en ek weet hy sal syn tong uit di keel hardloop om by di huis te kom, om di tyding daar te bring, want hy het ons tog só lief." Sy swyg 'n bietji en begin weer : "Ons het tog só lekker saam na di dorp geloop ; o hoe het syn hart gebrand toen jy, Idries, hom fan di Hollanners en di ou Hotnots fertel het. Idries, jy moet tog fer hom fertel as ons uit di tronk kom, en ons eers tuis is, hoe di Hollanners goedsmoeds di ou Hotnots fan hulle wettige ey'endom ferdrywe het en hulle o'er di berge ferjaag het. Hoe di ou Hotnots ferder en ferder sonop getrek het, en hoe di Kaffers meer en meer sonaf getrek het, en hoe di Hotnots en di Kaffirs an makaar gespring het, jy weet mos, by Fis Rifier, en hoe di Kaffirs di Hotnots terug gedrywe het. Jy moet tog dit alles an di arme kind fertel...."

"Môr'es, môr'es !—en wat maak oom Idries en tante Sina dan hier ?"

"Môr'e Tys, en wat maak jy dan hier ?—loop jong, ek is fan môr'e te nukkerig, of sê liewers, te ferdritig om pret te maak,"—sê Sina.

"En hoe's tanni fan môr'e dan so kwaai ?" fra hy. Sina gé gen antwoord ni, mar Idries fra : "Hoekom is jy dan hier, Tys ?"

"A, oompi weet mos, dis ni di eerste en laaste maal dat ek hier kom ni. So skoot om skoot het di Engelsman my. Oom weet 'n Engelsman is 'n wonderlike nasi. As hy daar ankom en sê '*good morning, jolly boy, jolly boy*'—glo fan dag drink ons saam, mar as hy niks praat ni, en sê net '*demmit*'—glo eer dit aguur is slaan hy fer jou."

Wag hier kom ou Dronk Spaas an. "Nee," sê sy, só maak ek met hulle, so slaan ek hulle af"... Dit sê sy, terwyl sy so 'n end weg trippel, sy pronk met haar kop links en regs ; sy steek haar regterbeen agteruit en gé haar haakskeen 'n harde klap met haar regterhand ; en sy hou an : "Sien jy, sò slaan ek hulle af," sy gé weer 'n paar harde klappe op haar linkerhaak met haar linkerhand, en vlieg kort om, prop alby haar hande in haar sy en sê : "Ek is enige dag — enige dag – so goed as di koning syn vrou."

"Wat help dit, jy sit in di tronk," sê 'n stem

"Dit help baing "—antwoord sy. "Ek kry myn kos verniet, di koning syn vrou ook ; ek word bedien en deur konstawels opgepas, di koning syn vrou ook. Net mar, ek is gelukkig, en sy ni."

"Kom, jy 's van mor'e weer so slim,!"—sê weer 'n anner stem.

"Ik moet so slim wees, ek moet so slim wees, anners wi sal my 'n stukki kos gé, of wi sal vir my 'n slaapplek gé, waarlik ni jy ni."

Sy stap weer so permantig weg, met di regterhand in di sy en swaai di linkerhand, en sy skré : "Ei dan, gé pad voor !"

Tys skré van di kant af: "Weg dan, tanni, di wegstap fan jy, di maak my so bly."

Met eens kom daar 'n stem: "Dis etenstijd" en ammal kom nader.

"Arri, julle het amper baing pret hier,"—sê Idries.

"A, hoe dan?"—antwoord Tys. Di klomp fal weg, mar Sina wou ni, en denk mar an Plattji: di anner klomp eet so lekker net of hulle amper swaar vir di kos gewerk het.

Kort na di éte gaan di prisseniers, wat harde werk moet doen, weer op straat werk, terwyl di anner hulle in di agterplaas fan di tronk plat ruk, en dit duur ni lang ni, of dit dreun soos hul snork.

Op di dag is daar niks merkenswaardig foorgefal ni. Na di aant-éte was elke prissenier in syn hok of kamertji opgesluit, en de follende oggent is hulle weer uit di hokke uit. Dit was re'en-weer en Saterdag, so het gen prissenier uit di tronk gegaan ni. Omtrent 4 uur klaar di weer op en di son kom deur en skyn lekker en al di prisseniers was weer in di agterplaas. Sina sug nog mar een streep deur en word treuriger en treuriger: di tronk-léwe akkerdeer ni met haar ni. Idries an di anner kant doen syn bes om haar hoop en moed in te praat, en onner di gesprek kom Tys nader. Idries bekyk hom en sê: "Mar, Tys, waar is jou tanne dan?"

"Oom, Idries, dit het met my nes met Bobbejaan en Ertvark gegaan.

"Hoe dan?"

"Wag, oom, ek sal oom alles fertel"—antwoord hy:

"Bobbejaan en Ertvark was baing groot maters, nooit het di een in moeilikheid gekom ni of di anner het hom daaruit kom help.

"As Ertvark di Boer syn bokke vas hou, dan melk Bobbejaan di bokke én gé eerlik an Ertvark fan di melk. Hul doen alles saam. Hul fang saam fan di Boer syn skape, slag saam en eet saam. En fang di Boer een, dan rus of slaap di anner ni foor hy syn maat los het ni. Sulke ware vrinde is mar baing skaars. Deur hulle so slim was, hou di Boer syn vé op di werf, mar stel o'eral gewére en maak fang-hokke. Bobbejaan en Ertvark kom by een fan di fang-hokke, wat op 'n klipplaat gebou is. Agter in staan 'n lam fas. Bobbejaan sê: Oom Ertvark gaan jy in en bring di lam uit, al kom jy in di fal ek sal jou uit help, en dan het ons di lam.' Ertvark doen soos Bobbejaan sê, en net soos hy di lam fat, gaan di skoot af (hul het nooit di stel-roer gesien ni). Ertvark kry di skoot deur syn bek en al syn tande uit, en 'n groot klip fal op Ertfark syn stêrt, en daarom is dit dat Ertfark tot fan dag toe gen tande het ni en dat hy so 'n dik stêrt het.

"Toen di Boer di skot hoor, roep hy syn folk en honde, gryp syn roer en kom. Bobbejaan werk hard om di kliphuis stukkend te breek en eer di Boer en syn honde daar was, was Ertfark uit. Bobbejaan sê fer Ertfark: 'Hou in di waterstroom af, anners fat hul jou bloedspoor,' en hy spring di styl kranse uit en lag di Boer en honde uit. Mar Ertfark het baing pyn, loop 'n end in di waterstroom af, en gaan toen onner 'n klipbankki lê. Di honde ruik hom uit, en Ertfark hou hom mors dood. Di Boer ja syn honde weg, want hy wil di fel ni stukkend laat byt ni, omdat hy dit fer stroppe wil hê. Toen Bobbejaan sien, dat di Boer en syn volk Ertfark huis toe dra, wou hy gaan help, mar dit het ni lang geduur ni, of di honde ja Bobbejaan op 'n klip fas, fang en byt hom. Di Boer ja di honde weg en Bobbejaan hou hom dood Di Boer sê an syn folk:" Neem hom ook saam; ek wil syn fel fer foorslag hê." Toen hul by di huis kom gôi hul fer Bobbejaan en Ertfark in 'n sterk gebonde kamer met klip-floer en sluit di deur toe Dit reen di nag, en di Boer syn honde skuil weg. Bobbejaan breek di dak stukkend en goi boomtakke binne en buite en Ertfark klim o'er di takke en di twé was weer los. En toen sweer hul, dat hulle nooit weer di Boer syn lammers, kalwers, hoeners, of ganse sal fang ni. Bobbejaan sê, ek gaan liwers frugte, uintjes, of insekte eet, en Ertfark sê, hy gaan liwers mire eet, as om di Boer syn goed te steel. Ertfark het woord gehou, mar Bobbejaan ni."

"Ja, mar wat het dit met jou saak te doen?"—fra Idries.

"Hoe kan jy so fra? Ek het gesteel en hul het my gefang en myn tande uitgeslaan."

Een dag na di anner kom en gaan, mar gen verlossing ver Idries en Sina; so het hul hulle gedagte an ferlossing opgegé en hul klaar gemaak om hulle folle tyd uit te dien. En daar an alles 'n ynde kom, so het daar 'n ynde an di tronkstraf fan Idries en Sina oek gekom. Hul gaan huis toe in 'n blye hoop en ferwagting om almal gesond en fris an te tref. Di eerste wat hul fra was: waarom di baas en nôi hul ni kom uithaal het ni, en hoe laat Plattji tuis gekom het.

"Wat Plattji?" sê di nôi "Hij het nooit hier angekom ni."

"Ag, nôi speul mar.—moet ni 'n mens meer treurig maak as nodig is ni; want ons is almal so bly dat ons uit is."

Sina spring rond en begin te dans. Mar di nôi sê: "Regtig Idries en Sina, ek speul ni; Plattji het nooit huis-toe gekom ni." En toen di ouers verneem dat dit erns was, bars hul uit in trane en was radeloos. Hul is dadelik met di anner kinners rond gaan soek, o'eral gesoek, o'eral verneem,—mar nêrens tevinde. En met bedroefde harte is hul huistoe gekom. Plattji is weg.

## HOOFSTUK III.

*Plattji ry Onderveld toe met Koos Vonk en Gert Buurman, twé Smouse.—Hoe hy by hulle gekom en hulle hom o'ergehaal het.—Hy vertel di Storiis fan Wolf en Jakhals en di Botter—Vatji- en fan Wolf en di Groot Hond.*

"Hô, ha! laat ons di pêre hier 'n bietji los maak,"—sê Koos Vonk an syn vriend Gert Buurman, terwyl hy stil hou o'erkant 'n stroompi water. "Ons kan di pêre laat rol, laat water suip en hul dan 'n voertji gé; by di tyd sal di maan wel op wees, en dan kan ons na Wamakers Vly deurdruk."

"Ek denk oek dat dit di beste sal wees: fan Wamakers Vly kan ons op ons gemak môre froeg Vlys Bank haal, en nog betyds wees om te help om di skape deur di Berg Rivier te sit; want di slag is ons voor-bokke ni so goed ni."

Hul trek di kar toen 'n endtji uit di pad uit, en elkeen klim in syn kant fan di kar af, maak di stringe los, en in 'n omsientjies tyd was di vier pêre uitgespan en gekniehalter. Langs di span was 'n los pêrd fas gemaak en hul kniehalter die oek. Terwyl Gert di 5 pêre na di sand keer om te rol, maak Koos Vonk di foer reg. Dit was onnodig om di pêre te lang te laat rol; want hulle was ni te warm ni.

Koos Vonk en Gert Buurman was twé toggangers, of liwers wat ons twé *smouse* sou noem. Hul gaan met negosi goed en kontant geld na di Onner Veld, en hannel, en koop daarmé slagvé om di weer an di boere en slagters in di Boland te verkoop. Hul het goeie sake gemaak; want hulle was te vréde. Di verdienste was genoeg om di skuld te betaal en 'n bietji o'er te hou; want dit moet verstaan worde. dit was ni hulle y'e geld waar hulle mé werk ni; di negosi kry hulle op krediet en di geld neem hul by di Banke op. En koop jy op krediet, dan moet jy duur betaal; en neem jy geld op, dan moet jy rente betaal. En na afrekening bevind hulle, dat hulle altyd 'n bietji o'er het—soms meer, soms minner, en niks, as daar skade was. Egter hul volhard en hoop immer om genoeg te verdien om later iets anners te begin.

Di negosi goed waarmé hul gewoonlik smous bestaan uit Klérasi, Koffie, Suiker, en tabak, en dan nog 'n klyne hoeveelhyd naalde, gare, knope, spelde, ensofoort. Dit natuurlik was di geoorloofde goed onder hul hannel lisensi. Mar dan had hul anner goed op, wat hul lisensi ni toe laat ni, soos kruit, doppies, fuurwapens, en drank.

Di plan wat hulle nou het was: Hul gaan saam tot by Vlys Bank, daar sien hul saam of di fé reg is. Gert gaan dan saam met di fé en set di fan di hand af, gaan dan na di Kaap, betaal daar di skuld af, en koop weer negosi goed, laai di op twé wa'ens en kom agter Koos an. Koos Vonk gaan met di kontant, wat hy by hom het, vooruit om fé in te koop. Op 'n sekere tyd ontmoet hul makaar, dan fat Koos een negosi wa en Gert fat di anner en so gaan hulle rond onner di féboere tot hul niks goed meer het om te ferhannel ni. Dan kom hul huis toe, of liwers Boland toe, om di skape te ferkoop. Dit was so simpel as twé maal twé

"Neef Gert, keer di pêre nou mar na di water toe; hul is nou al koud, en di foer is klaar." Hierop keer Gert di pêre na di water, en net toen hulle suip hoor hul 'n jakkals skré.

"Ei," sê Gert, "Fossi het fannaant net ho ger, di ou jong begin froeg te skré."

"Dit is mar syn gewone tyd om te skré," sê Koos daarop. En toen di jakhals fer di twéde keer skré hoor hul 'n kind so gewellig skré en huil.

"Wat is dit, 'n kind?"—fra neef Koos.

"Hoor hoe huil hy, di jakhals het hom seker gevang."

En di twé spring weg en skré: "Hoi, hoi,—wat is dit?—kom hier na toe!—Hier sô—hier sô!"

Di voorval het juis op di aant van di dag gebeur toen Idries en Sina tot 14 da'e tronk straf veroordeel was.

Koos en Gert hartloop so wat hul kan en toen hul by di kind kom, was hul uit asem, en di kind wou di trekkens kry, en was amper dood van di skrik.

"Dis 'n Hotnotji," sê Koos, "bring hom kar toe, en gé hom eers water om te drink, en dan weer wyn. —Di arme ding het net baing geskrik." En toen hulle by di kar kom sien hul dat dit Plattji is.

Toen di ergste skrik o'er was verhaal di Hotnottji:—

"Ek het met myn tata en memme gister agter middag na di dorp toe gegaan. En toen ons in di dorp gekom het, het ons goed gekoop."

"En seker drank oek?" fra Gert.

"Gert, wag nou, moet ni di kind hinner ni," merk Koos an.

"Ja, baas, ons het drank oek gekoop. Ons het nimand moefeer ni; en 'n jong kom sommar en steel ons goed en toen tata gaan om dit af te neem, vang di konstawels fir tata, memme en my en steek ons in di tronk. Ek het los gekom, mar tata en memme moet nog 14 da'e in di tronk sit." Terwyl hy tot hier fertel, snik hy an een en gaan toen bitter and' huil, en kyk ferwillerd om hom heen.

"Ja, en toen ferder?"—sê Koos,—"en toen?"

"En toen het ek los gekom, en nou gaan ek huis toe, om dit te gaan fertel. Tot 'n héle rukki na di middag het ek na di folk gesoek, wat na Dra'ensteen gaan, mar ek kry hul ni, en toen het ek pad langs gekom. En toen ek an di kerkhof by di bos denk, het ek agter 'n bos gaan sit om te wag en te sien of di folk ni wil kom ni; want ek sien hulle spore lê ni in di pad ni. Ek het and' slaap geraak, en nou skrik ek eers wakker, toen di jakhalse my wil byt." Hy gaan weer and' huil.

"Kom, kom, dis alles o'er; di jakhalse sal jou ni byt ni, jy het net 'n bitji geskrik, en dit is al,"—sê neef Gert.

"Nou kom laat ons eers di pêre 'n foertji gé, en dan kan ons oek 'n stukki eet, en dan kan ons ferder praat,"—sê neef Koos; en toen hul 'n endtji fan di kar af weg was, sê hy: "Gert, wil jy glo, ek neem di Hotnottji met my saam na onner; hy sal my net fan pas kom."

"Dis net 'n goei'e plan, wil jy glo,"—merk Gert op.

"Nou ja," sê Koos, "jy moet ni praat ni, ek sal praat, en laat hom niks daarfan weet ni, dat jy Flys Bank gaan omdraai ni, anners wil hy met jou saam gaan. Ek het o'eral rond gesoek, mar kon nêrens een kry om my op di pad te help ni."—"Dis goed," sê Gert.

Hul keer toen di pêrde na di foer toe, haal hulle stukki kos uit, en begin te eet, en gé an Plattji oek.

Koos Fonk begin: "Plattji, ek is net bly, dat ons jou gekry het. Jou baas het gesê, dat jy met my na onner moet gaan; jy moet my op di pad help; en as ek op kom, dan moet ek jou weer terug bring. Hoe's dit, is jy klaar? Foor jy met my mé gaa moet ek jou baas 10 skape gé, en an jou 6 bokooie, kom, wat sê jy?"

Toen Plattji hoor fan di 6 bokooie word syn hart sommar bly; mar hy denk dit was mar speuletjiis; daarom sê hy "Baas Koos jok, nè? myn baas sal nooit so iets sê ni."

"Nou, as jy ni wil glo ni, fra fer baas Gert, en hoor of hy oek ni so sê ni."

"Baas Gert, is dit waar?"

"Seker, ons sal ni fer jou leuens fertel ni."

Koos Fonk begin weer en sê: "Ek sal jou ni fop ni, jong, denk nou daaran as jy 6 ooi-bokke het en as hulle anteel, dan het jy net nou een dag 'n groot klomp bokke; dan is jy sommar skat ryk. En sal dit ni mooi wees ni, as jy fan di Onner Feld af kom, dan kan jy oek met di ou folk saam praat; en hoe sal di jong kinnertjis jou maters, met ope monde staan as jy fan di Onner Feld fertel. Denk daaran, en hoe jy sal stap met di fo'elstruis-fére op jou hoed. Jong, kan jy dit hou?"

"Dis alles mooi, mar ek glo ni fer baas ni."

"Nou basta dan! Loop dan mar huis toe, dan kan jy sien of jou baas ni fer jou sal om ja ni. Ek het net lélik by jou baas moet weg lê om jou te kry, en toen ek sê, ek sal hom 10 skape gé en jou 6 bokooie betaal, toen het hy naderhand ingegé. Ek sê nog maals, as jy ni lus het ni, dan kon jy mar huistoe gaan."

En toen Plattji hoor fan huistoe gaan, denk hy an di kerkhof in di bos en an di jakhalse, en hoe sal hy in di donker deur di bos kom? Hy befind hom toen net of hy tussen di duiwel en 'n afgrond staan, en wis ni hot of haar ni. Hy fat met syn regterhand an syn ken en staan 'n bietji te denk en fra weer: "Baas, is dit nou reg-reg waar, dat myn baas gesê het dat ek met baas moet mé gaan?"

"Ek sê jou mos, dat ek jou gen leu'ens sal fertel ni. Kom wat sê jy nou?"

"Mar, baas, wi gaan dan huistoe om te sê, dat tata en memme in di tronk sit?"

"Het anner volk julle dan ni gesien ni, toen julle tronk toe gegaan het ni?"—fra Koos

"Ja, baas, ons het ou Moos en klyn Moos op pad na di tronk ontmoet, en fer hulle gesê dat ons tronk toe gaan, en dat hul dit tog an di baas en nôi moet sê."

"Nou, wat wil jy dan nog meer hê? Dan is di héle wêreld mos reg. Wag, ek het nog 'n anner plan Ek skrywe 'n brief an jou baas en nôi, dat ek jou gekry het, en dat jou tate en memme 'n 14 da'e in di tronk moet sit, en ek gôi dan di brief in di pos, en dan is alles agter makaar. Kom, wat sê jy nou? Alle swarighyd uit di pad."

Met eens sê Gert: "Hoor di jakhals! kyk, daar is hy, daar is hy!" Dit doen hy net om fer Plattji bang te maak. Plattji skrik, spring op, en gé 'n gil en kré: "Waar's hy, waar's hy?" Toen alles tot bedaring was, fra Koos Vonk weer: "Toe Plattji, is jy klaar?"

Plattji laat syn kop sak, fat weer an syn ken, en tel syn kop skielik op, en sê "Ja, baas, ek sal gaan." Di noodlottige *ja* was uit, en wynig het Plattji kon droom, watter smart, watter ongemak en hoe wynig plesier di *ja* hom sal baar. Di saad van di plant, wat di bittere frug sal dra, is nou geplant, syn fonnis is gefal.

Hierop haal Koos Vonk syn sakboeki uit, skeur daar 'n blatji uit en skryf iets daarop, en toen hy klaar had, sê hy an Plattji: "Sien jy nou, hier is di brief wat ek an jou baas en nôi geskrywe het, daarin het ek gesê, dat ons jou langs di pad gekry het, en dat jou tata en memme nog in di tronk is, en daar 14 da'e moet inbly. En fannaant sal ons dit by di poskantoor gaan pos."

Plattji blyf diep in gedagte; of hy huistoe denk, en of hy denk o'er di rykdom wat hy nog sal ferkry, kan nimand sê ni; en toen hulle sien, dat hy stil was, begin hul op syn ydelhyd te werk; fertel hom hoe gou hy nou kan ryk worde; fertel hom fan di ryke Basters in Boesmanland; en fertel dat hy naderhand in tente kan woon en oek met syn fé kan rond trek; en wys hom daarop hoe mooi dit is om ryk te wees; want dan hoef hy ni meer te werk ni, mar hy kan doen nes di ryke Basters doen om anner volk te huur om syn skape en bokke op te pas, en dan moet di volk, nes di Basters hulle folk, fir hom *baas* sê. A, sal dit tog ni mooi wees ni? By di tyd het hul klaar met eet, en di foer fan di pêre was oek op; hul span in, en trek weg.

Digteby Wamakers Vly kom hul by 'n huis ferby, alles was stil. Hul hou stil, en Koos Fonk sê: "Neef Gert, pos 'n bietji di brief hier." Gert Buurman ferstaan toen dadelik wat dit betéken; hy klim af, fat di brief, stap om di huis, skeur di papiertji stukkend, kom terug, en sê: "Nou kan jy self sien, Plattji, dat ek di brief gepos het; di posmeester sal sôre dat jou baas en nôi di brief in hande kry. Dis mos nou reg, nè?"

"Ja baas," sê Plattji éwe bedaard en hul laat trek. Hul ry Wellington 'n end ferby, en kom by 'n grote bos.

"Hier moet ons fannag mar bly," sê Koos Fonk, "hierfandaan kan ons op ons gemak betyds wees om di skape deur di Berg Rivier te breng. Wat denk jy, neef Gert?"

"Ja, ek denk, dis di beste."

"Nou kom, laat ons dan mar uitspan. Kyk, Plattji, jy moet mar fannag onner di pêre hulle kombêrse slaap—dis nuwe kombêrse—ek sal môre fir jou kombêrse koop en 'n pakki klére daarby."

Koos Fonk en Gert Buurman maak hulle kooi onner di kar op, en Plattji 'n klyn endtji daarvandaan, agter 'n bossi. Dit het ni lang geduur ni of ammal was fas an di slaap, en Plattji ruk-ruk so nou en dan in syn slaap en droom fan jakkalse en dan weer fan syn rykdom, en dan weer fan syn tata en memme in di tronk. Di nag is rustig ferby gegaan en di rooi dag breek an, en met derde hanekraai span hulle in en ry op hul gemak fort.

Plattji begin léwendiger te worde en fertel fan syn drome wat hy gedroom het, fan syn fé en fan syn rykdom, en hoe hy fan een plek na de anner met syn fé rond getrek het. Hy doen dit so meesterlik en met so 'n opruimde en frolike gesig, dat Gert an hom sê: "Kom, Plattji, fertel ons 'n paar mooi Hotnot stories fan Wolf en Jakkals." Dit doen Gert Buurman om Plattji syn gedagte so feel as molik fan syn huis en ou'ers af te ly. Plattji was eers huiwerig, mar sê: ek sal fertel fan

WOLF EN JAKHALS EN DI BOTTER FATJI.

"Daar was een dag 'n wolf en 'n jakhals. Hulle loop fêr in di pad en kry 'n wa met botter op. Jakkals sê an wolf: 'oom wolf, loop lê jy foor in di pad, dan maak oom of jy dood is, dan rol jy stadig 'n fatji botter af, en dan kan ons dit lekker saam op eet.' Wolf stem in en gaan toen daar foor in di pad lê, en maak of hy dood is. Toen di wa by di wolf kom skré di wa-lyer: 'Baas, hier lê 'n wolf in di pad dood.' Di Boer hou stil en gaan kyk—ja waarlik, daar lê 'n wolf dood. Di boer sê: 'Bring di agter-sambok hier; ek wil kyk of di wolf regtig dood is; want hy foel my nog so warm.' Di Boer looi di wolf net fuur warm met di agter sambok, wolf trek gen oor of roer gen haar ni, mar lê of hy dood is. Di Boer sê weer: 'Ek kan nog ni glo dat di wolf dood is ni, want hy is te warm; sal hy dan nou-nou gefrek het? Bring di mikstok hier.' Al di tyd rol jakkals soos hy lag; want hy het stilletjis agter di wa angekom. Di Boer fat di mikstok en slaan wolf weer tot di bloed by syn neus, mond en ore uitkom. Wolf lê nog dood stil. 'Ek sien nou di wolf is dood,' sê di Boer, 'laai hom mar agter op di wa, dan kan ons hom by di eerste uit spanning afslag.'

"Toen di Boer 'n end gery het, dood gerus, en ni meer omkyk ni, rol wolf 'n fatji botter af. Jakkals kom by, en was éwe bly. Hul rol toen di fatji botter 'n end in di feld. Jakkals sê: 'Oom wolf, ons moet liwers di botter nou ni eet ni, mar 'n bitji wag; want fars botter smaak ni lekker ni, en dis oek ni so gesond ni; laat ons dit eers laat oud worde. Wolf stem toe Hul steek di botter fatji toen weg en stap elkeen na syn huis toe.

"Di follende dag sê jakkals: 'Oom, myn frou het 'n kind, en ek gaan nou om di kind te laat doop. Jakkals stap toen reguit botter fatji toe, en eet di botter tot by di eerste hoepel. Toen jakkals di aant foor wolf syn deur firby stap, fra wolf: "Jakkals, wat is di naam fan jou kind?'—'Eerste Hoepel,'—was syn antwoord, en hy stap firby. Di follende dag stap jakkals weer by wolf firby en sê: 'Oom, myn frou het weer 'n kind, en ek gaan weer om hom te laat doop.' Jakkals gaan weer botter toe, en eet tot by di twéde hoepel. Di aant fra wolf weer an hom: 'Wat is di naam fan di kind?'—'Twéde hoepel,'—was jakkals syn antwoord. En di stori het fan dag tot dag fort gegaan tot jakkals al di botter opgefreet het. Toen hy by wolf firby kom fra di an jakkals: 'Wat is nou di naam fan jou kind?'—'Boomskraapsel,' was di antwoord.

"Di follende dag daarop kom Jakkals na Wolf toe en sê: 'Oom Wolf, ek denk nou sal di botter goed wees om te eet, ons kan nou mar gaan.' Di twé stap, en soe! was hulle twé ni verwonner ni, toen hulle sien dat al di botter op gefreet was. 'Wi het dit gedoen? Dis seker oom Wolf'—sê Jakkals. 'Jy's gek, dis jy di,' sê Wolf, en di twé raak an 'n hewige gestry. Jakkals sê: 'Wag, oom Wolf, ek het 'n plan, kom ons gaan met ons bekke te'en di son lê, en di man by wi syn bek di botter uitbraai, di is di skuldige, man. En di man moet 'n afgedankste pak sla kry. Wolf, om syn onskuld te bewys, was klaar. En di twé gaan langs makaar in di son lê. Dit het ni lank geduur ni of wolf was fas an di slaap. Jakkals staan stadig op, fat fan di botter wat hier en daar nog an di fat sit, en smeer die om Wolf syn bek en toen hy k'aar het, maak hy Wolf wakker en sê: 'Wat help dit dat oom stry? Kyk self, en foel di botter om jou bek." Wolf fé syn poot om syn bek en kyk, ja daar was di botter, en Wolf laat syn kop hang. Vollens akkoort moet di skuldige man 'n pak sla kry. Jakkals pluk 'n taaibos lat en gryp wolf an di agterfoet en gé hom 'n afgedankste ranseling, dat arme Wolf ni weet ni waar in te kruip ni."

Koos en Gert lag hartelik o'er di stori en sê: "Hoor, ou Wolf was dom."

"Ja, glo my, daar is baing mense in di wêreld wat net so dom as wolf is," sê Koos Vonk an Gert Buurman, terwyl hy syn een oog knip en Plattji met so 'n feelbetékende kyk ansien.

"As jy nooit di waarhyd fertel het ni, dan fertel jy dit nou," sê Gert Buurman an Koos Vonk, terwyl hy syn kop so effe knik. Kom, Plattji, fertel ons 'n anner stori fan Wolf syn domhyd"

En Plattji sê: "Ek sal nou fertel fan

DI WOLF EN DI GROOT HOND.

"'n Groot Steekbaart Hond loop langs di pad. Hy was beesagtig ma'er, syn rug was so krom as 'n boog, en as hy draf dan skut-skut hy op en af, knyp syn stêrt tussen syn béne fas, en dit lyk dan of hy op di puntjiis fan syn toontjiis draf. Hy was so swak dat di wind hom kan omwaai.

"Hond sien fer Wolf daar fêr in di pad ankom en gaan toen agter 'n bossi lê; want hy was bang dat Wolf hom sal dood byt, omdat hy tog te swak was om hom tee'en Wolf te fersit. Wolf loop an en kom by Hond en fra: 'Mar, jong, waarom is jy só ma'er, en wat maak jy hier?'—'Ek is baing siek, oom Wolf,' sê Hond, 'en ek is 'n ambagsman, en dit gaan so sleg op di ambag, dat ek niks kan ferdien ni.'—'Wat is dan jou ambag?' fra Wolf.—'Myn ambag is felle bry oom.'—'Nou kyk,' sê Wolf 'ek het 'n paar felle tuis om te laat bry. Wat moet ek jou betaal en wat het jy alles nodig?'—Hond antwoord: 'Ek fra 'n lam fir elke beesfel wat ek bry, en ek het net baing fet nodig—foornit betaal, is myn akkoord, en dit neem 'n week om 'n fel te bry.

"Wolf gaan weg, en bring toen 2 beesfelle, en di nodige fet en 2 lammers as di nodige betaling, gé di an Hond en stap weg. Hond gôi di 2 felle in di water om te week en begrawe di fet. Di eerste dag eet hy een lam, di follende dag di anner. Di derde dag begin hy an di fet, en di fierde en fyfde dag was dit op. Hy begin toen an di felle, wat by di tyd sag is, te freet. Hy word by di dag fetter en fetter: syn rug word reg uit en syn hare word glad.

"Toen di 14 da'e om was, was Hond net spek fet. Wolf kom en ys di felle, mar Hond sê: 'Di fet is tog te min, oom wolf moet nog meer bring.' Wolf maák so en sê dat hy o'er 'n paar da'e weer sal kom kyk.

"Hond begin weer an di fet te freet en di derde dag was alles op. Wolf was daar en ys op staand foet syn felle, mar Hond sê: hy het nog eenmaal fet nodig, en dan kan hy di felle heeltemaal klaar maak, en maak Wolf skaam dat hy so suinig is om so min fet te bring. Wolf bring weer fet en sê nou moet di felle klaar wees as hy terug kom.

"Toen di derde dag firby was kom wolf en wou Hond gen uitstel meer gé ni, mar dring op aflewering fan di felle. Hond knor. Wolf sê: 'A né a, jy kan ni so wil maak ni!' En een woord haal di anner, en anmakaar was di twé. Hond byt wolf dat di hare so waai en skeur hom lap-lap fel af, en wolf was flenters gebyt en moes di feld fat.

Ga-ga-ga lag Koos Vonk," en ga-ga-ga lag Gert Buurman, en di twé sê weer: "Hoor, ou wolf was tog al te dom, en daar's meer wat so dom is as ou wolf."

Na nog wat gesels te hê is hul by Vlysbank angekom, uitgespan en di pêre geknihalter. Di skape was reeds daar en na wat gesukkel te hê, het hul di skape o'er di Berg Rifier gekry. Toen hul klaar was het hul koffi gemaak en 'n stukki ge'eet en daarop ingespan. Gert Buurman haal toen syn saal fan di kar af, saal di los pêrd op en ry met di skape saam. Koos Vonk en Plattji laat trek en ry reguit Onner Veld toe.

DI AFRIKAANSE ALMANAK ver 1896 bevat 'n grote verskeidenheid nuttige leesstof en opgawe, burgerlik van di hele Suid Afrika, en al di Hollanse kerke, en dan oek vyf portrette nam. di Kaapse Parlementshuis, Pres. Reitz, Pres. Kruger, Sir H. Robinson, di Woonhuis op di Gedenkskool Plaas. Dit alles ver 9d. stuk; dis spotkoop.—D. F. du Toit & Co., Beperk, Drukkers en Uitgewers, Paarl.

## Morge Lied.

Op! Op! di dag breek aan.
Fryf di faak nou uit je ooge,
Si di nag is al ferfloge,
En Fiktori kraai di haan.
Op! Op! di dag breek aan

Op! Op! di werk begin.
Di aarde staan op jou te wagte.
Tot di ploeg met nuwe kragte;
Wat je hand te werke fin.
Op! Op! di werk begin.

Op! Op! neem op jou kruis.
Had di nag al soete drome,
'T kruis word tog mar afgenome
By di deur fan Vadershuis;
Op! Op! neem op je kruis!

Op! Op! aanfaar di lot,
Wat di dag an jou sal géwe:
Freug of smarte, dood of léwe,
Alles kom fan onse God.
Op! Op! aanfaar di lot.

Op! Op! gaan uit ten stryd.
Gord di swaard fas om di léde,
Tot di bloed toe moet gestréde,
In di korte léwenstyd.
Op! Op! gaan uit ten stryd!

Op! Op! wees steeds beryd.
'T kon di laaste dag wel wése.
Salig di, wat altyd frése.
Morge is di eeuwighyd.
Op! Op! wees steeds beryd.

Op! Op! mar buig di kni.
Di met God di dag beginne
Sal geen fyand oferwinne;
Want di Heere he'p fer di.
Op! Op! mar buig di kni.

NEEF JAN.

## Di Roosknoppi.

*(Bekroonde Prysfrage)*

### I. KENNISMAKING.

DI son het al reeds laag an di westekant gesit, toen di kar fan Mnr. Retief na syn huistoe ankom. Syn seun Dani werk in di wingerd met di folk. Daar dit an di ynde fan September was, kon 'n mens al goed di jonge frugtetjiis en di klyne trossiis druiwe siin; en soos dit lyk beloof dit 'n goeie frugtejaar te wees.

Mnr. Retief was self op di kar. Hy was 'n goeie foorbeeld fan 'n egte Afrikaanse boer, fan omtrent 45 jaar oud. Omtrent 5 foet 9 duim lank en enigsins geset, met 'n militêre houding, 'n paar bré'e skouers, ja o'eralgemeen 'n gespiirde man, daarby was hy ferstandelik ook 'n tamelik ontwikkelde man, dit getuig di fyte, dat hy reeds fele jare lid fan di Afdeelingsraad is; dat hy foorsitter is fan di Bondstak, waartoe hy behoor; dat hy al fer di laaste 5 jare afgefaardigde was na di Bondskongres; ja, dat di Bondslede fan syn wyk al 2 maal net kliphard by hom gelol het dat hy moet staan fer di Parlement, mar hy kon dit ni anneem ni, daar hy deur huiselike omstandighede ferhinder was.

Dani, syn oudste en enigste seun, was di ewenbeeld fan syn pa. Ons tref hom nou hiir an, 'n jongkêrl fan omtrent 19 jaar. Hy is een fan di mooiste jongkêrls in syn buurte. Syn welgeformde kop was bedek met 'n pragtige bos pikswart krulhare, en syn bolip werd enigsins onsigbaar gemaak met 'n ligte snor baard fan diselfde kleur as syn hare; onder syn enigsins fêruitstekende wenkbrouwe skitter 'n paar edele swarte oge, waaruit ni alleen ferhewenhyd en 'n edele karakter, mar ook moed, léwe en gees te lese was.

In di skool was hy ni alleen skrander ni, mar deur syn foorbeeldig gedrag was hy di trots fan syn onderwyser, di foorbeeld waarop andere so dikwils gewys is geworde, en het hy di eer fan syn pa, en fan syn famili opgehou.

"Jan," sê Dani tot een fan di folk, "kom gaan eers fer myn help di kar uitspan."

Toen hulle 'n endji geloop het, sê Jan, 'n jonge baster fan omtrent diselfde ouderdom an syn klynbaas: "Baas Dani, mar watter mense is dit wat di oubaas gaan haal het."

"Dis twé jong nôiens, di een is myn niggi; sy is di dogter fan di baas met di rooi baard, wat di ander dag di trop pêrde opgebring het, en di ander een ken ek glad ni, sy is saam op skool met myn niggi, en nou kom sy di fakansi saam met haar hiir deurbring."

"Is hulle al twé hiir op di dorp se skool?"

"Ja. Mar kyk daar is 'n fark in di tuin, loop so om en ja hom somar uit."

Onderwyl was di kar al by di huis, en het di dogter fan Mnr. Retief, Betti, di twé jong nôiens in huis geneem. Dani help fer syn pa uitspan. Di oubaas is 'n bitji ontefrede, omdat di fark in di tuin was, mar dit help nou ni feul om daaro'er te praat ni, want di een wat di tuinhekki laat oop staan het was nou dood! Toen dit klaar was met uitspan, kry Jan order om di pêrde koud te ly, water te gé, in di stal te sit, foer te gé en dan moet hy syn hande gaan was; want di fé kom an en hy moes gaan melk. Dani haal di twé koffers fan di kar en bring dit in huis, mar hy siin di nôiens ni; want hulle was op di o'enblik, in di kamer. Syn ma, Juffer Johanna Retief, fertel fer hom daarom dat di niggi fan hom so n mooi nôi is; want hulle het haar nog nooit gesiin ni, dis di eerste maal dat sy in di Boland, en by hulle kom.

Toen di werk di aand buitekant klaar was, kom Mnr. Retief en Dani huistoe. Hy sou nou fer di eerste maal di freemde mense siin. Toen hy in kom sê syn suster Betti: "Dis myn broer Dani, en dis ons niggi, Betti Brink, en di een is haar frindin, Miss Anni Joubert."

Betti Brink gé haar neef, wat sy nou fer di eerste maal siin, en wat op haar 'n seer gunstige indruk maak, ni alleen di hand ni, mar oek 'n hartlike soen, en dit het amper gelyk of Anni Joubert lus gehad het om diselfde te doen, mar sy was bang dit sal ni goed lyk ni.

Laat ons nou ook eers kennis maak met di twe freemde gaste.

Betti Brink, is 'n lange skrale noi fan omtrent 17 of 18 jaar. Di trekke fan haar gesig sê jou dadelik dat sy famili is fan di Retiefs, want sy lyk meer na 'n suster as 'n niggi fan Betti Retief. Hulle twé is dan ook ni alleen naamgenote, wat na een en diselfde ouma heet ni, mar hulle aard ook veul na makaar. Betti Brink is egter daarom feel mooier as haar niggi. Waar hulle foornamelik ferskil is hulle kleur. Waar Betti Retief, nes haar broer en haar pa, swart oge en swart hare het, het Betti Brink ligte hare en ligte bruin oge. Soos haar gestalte is, is ook haar gelaatstrekke, 'n lange reguit neus, wat pragtig sig afsky van 'n hoge, edele foorhoof. Met een woord sy was 'n mooie, edele, forstelike mysi.

Anni Joubert was egter weer net di teeno'ergestelde. Sy was 'n korte, enigsins dikke klyne mysi, fan 16 jaar. Uiterlik besit sy ni feel skoonhyd ni, as behalfe di paar grote edele onskuldige blouwe oge, waarin di ferhewenhyd fan haar karakter kon gelees worde. Dan di melkwitte tande en haar pragtige dikke bos ligte hare, wat tot in di middel fan haar lyf hang. Sy dra nog los hare en 'n korte tabbertji, wat by haar korte gestalte bisonder mooi staan, en haar nog meer 'n kinderlike foorkom gé.

"En," sê Dani, "hoe lyk di Boland fer julle?"

"O, di Boland is fer my net baing mooi. Dit lyk fer my, ek kry somar lus om hiir te woon."

"Mar jy woon mos nou hiir! Ten minste jy moet nou so lank hiir in di skool bly dat jy mar kan reken dat jy hiir woon."

"A ja, mar ek meen ni in di skool woon ni, want dis 'n gekroonde narhyd as 'n mens in di skool moet woon, dan woon ek liwers onder by ons in P—."

"Mar, Betti, hoe kan jy sê dat dit so lelik is in di skool," sê Anni, "dis fer my glad ni so lelik ni."

"Dan meen jy, Miss Joubert," sê Dani, "dat jy goed hiir Bo sal kan woon?"

"Wel, ek het ni van di Boland gepraat ni, ek het nog mar fan di skool gepraat, want fan di Boland kan ek ni praat ni, ek het nog te min daarfan gesiin en is nog te onbekend."

So het hulle nog 'n rukki gesit praat, totdat dit tyd was om te gaan eet. En nou dat hulle almal an tafel

sit, kyk ons hulle nog 'n slaggi denr, om te siin met wi ons nou vandag almal kennis gemaak het.

Bo an di tafel sit natuurlik di huisbaas, Mnr. Erns Retief, met syn frou Johanna an syn linkerhand. An di regterhand fan di tafel sit eers Dani, en dan syn suster Maria, 'n mysi fan omtrent 15 jaar, wat oek di agtermiddaag fan skool af tuis gekom het, an di linkerhand fan di tafel sit eers Anni Joubert, dan Betti Retief, en dan Betti Brink.

Toen dit klaar was met eet, het Mnr. Retief eers huisgodsdiins g hou, waarna di jongspan toen na di sitkamer toe gaan. Nadat hulle 'n bitji grappe en algeméne nonsens ferkoop het, begin hulle lus kry fer musiik; mar gen een wil speul ni. Di een wil altyd hê di ander moet speul. Eindelik sou Betti Retief, as huismysi, dan 'n stukki speul, met di ferstandhouding dat as sy klaar het Anni en Dani weer sal saam speul, Anni op di klafiir en Dani op di viool. Toen di twé dan oek later besig was kom Mnr. Retief in en staan so 'n bitji en luister.

"Arri, mar julle twé speul mos net gaaf saam; dit lyk of julle twé net ekstra by makaar pas!"

Dani weet toen ni reg of hy moet antwoord gé, dan of hy mar sal stil bly ni. Anni was waarskynlik in diselfde posisien kyk om, om te siin hoe Dani dit opneem; en daar ontmoet hulle oge makaar; dit was meer as 'n gewone ontmoeting. Altwé kyk weer weg, terwyl di woorde: "Dit lyk of julle twé net ekstra by makaar pas" nogmaals in hulle binnenste klink, mar met glad 'n andere betekenis as Mnr. Retief daaran geheg het; want hy het mar eenvoudig gemeen hulle speul goed saam. Gelukkig dat di ander omstanders ni opgelet het ni, anders sou hulle gesiin hé dat al twé 'n bitji rooi geworde het. Dani was bang dat Anni sleg sal foel, en sê toen op grappige wyse:— "A, nou ja, siin pa nou dat geleerdhyd ni mar altijd bog is ni. Kyk, het ons twé ni geleer ni, dan kon ons nou ni so saam speul ni."

"Ja, mar jy praat nou amper net of ek altyd alle geleerdhyd beskou as bog. Dis ni di gefal ni. Wat ek as "bog" beskou is in di eerste plaas, dat di kinders so baing onnodige dinge moet leer, en in di twede plaas, dat almal een en diselfde patji moet loop. By foorbeeld, of dit nou 'n mysi is of 'n jongetji; of di een fer predikant leer, of fer boer: of di een ryk of arm is, of wat ook, dit kom alles bloedwijnig op an; almal moet diselfde Latyn, en Geographies, en handwerke, en Algebras, en nugter weet wat di goed se name almal is, mar al di gedoenters moet almal leer. As 'n kerel predikant wil gaan worde, goed laat hy dan di ou tâle leer, en as 'n ander weer wil gaan boer worde laat hy weer di grond, plante en dire bestu leer, mar waarom moet almal dan o'er diselfde kam geskeer worde?"

"Dit was oek mar 'n grap fan my," sê Dani, "ek weet goed genoeg wat pa se gefoele op di punt is."

"Ek is daarom bly dat Mnr. Retief so praat," sê Anni, "want nou siin ek, dat dit ni pure onnoselhyd was fan my om net so te denk en te praat soos Mnr. Retief ni. Ek sê di ander dag fer myn pa net diselfde wat Mr. Retief nou daar gesê het, toen sê hy: 'ja myn kind, dit is nou jou gefoele, mar jy weet dat jy nog mar 'n kind is, en dus ni befoeg om o'er sulke sake te praat ni; en dan jy is 'n mysi, en jy weet dat 'n froumens in sulke sake gewoonlik ni ferder praat as hulle neus lank is ni. Dan moet jy ook onthou dat di een wat an di hoof fan di opfoeding staan 'n man is, en 'n slim man daarby, ja di hêle opfoeding is in di hande fan manne, en hulle kan o'er di sake beter oordeel as jy; dus leer mar wat jou foorgeskrywe worde. Ek het toen natuurlik stil gebly, want ek weet dat pa beter weet as ek, en ek het oek vréselik gehuil daaro'er, dat ek so dom is om so 'n ferkeerde opfatting fan 'n saak te hê, en om dit dan nog openlik uit te spreek oek. Mar tog het dit ni gehelp ni, ek kon mar ni so fêr kom om net so te denk soos pa ni. En daarom is dit fer my so mooi as ek hoor dat mans net diselfde gefoele het wat ek het Denk Mnr. Retief oek ni, dat dit, di ferkeerde en ondoelmatige opfoeding, feel bygedra het tot di treurige toestand fan di "Poor Whites" ni?"

Eer Mnr. Retief egter kon antwoord gé fal Betti Brink in di rede met—

"Ag, Anni, moeni weer so fréselik ferstandig wees ni. Reg, kinders, as 'n mens partykeers di skepseltji hoor praat, dan sal jy sê, dis wi weet watter ferstandige ou man wat nou daar praat. Ek denk, Anni, jy is net te lui om te leer, dis di wat jy di lesse wil minder maak."

"Moeni glo ni," sê Anni op heel waardige wyse. "Ek gé fer my persoonlik ni om ni; mar ek is jammer fer kinders wat arm is en ni so feel tyd het om te leer ni, hulle word dan genoodsaak om hulle kosbare tyd en geld weg te gooi."

Intussen was dit slaaptyd geworde en almal gaan na bed. Di twe Bettiis gaan in een kamer en Anni en Maria in 'n ander kamer slaap.

Toen hulle in di kamer was sê Betti Brink:—

"Reg, Betti, oukind jy kan jou nooit ferbeel watter *nice girl* Anni is ni. Jy sal al wel opgemerk het dat sy baing kinderlik, mar ni kinderagtig is ni. Sy kan soms so ferstandig praat dat ek my glad klyn foel by haar."

"Ja, dis waar," sê Betti Retief, "sy kan baing ferstandig wees, en tog is sy daarom so mooi, so kinderlik. Ek het haar somar liif gekry. Mar haar huiselike opfoeding was dan ook daarna."

"Né, dit is juis di wonderlikste fan al fer my. Hulle is baing ryk mense, en hulle gaan altyd met di *swell* mense om, en op di maniir het sy baing goeie manire geleer; mar anders was haar opfoeding ni feel wêrd ni."

"Het sy nog meer broers en susters?"

"Né, sy is enigste kind."

"A, dis ook di wat hulle haar so baing kan laat leer."

"Ja, weet jy haar pa en ma is vréselik gek na haar en hulle het haar vréselik liif, en hulle gé haar net

wat geld op aarde fer 'n mens kan gé, mar tog denk ek ni dat sy altyd gelukkig foel ni."

"Hoekom ni?"

"Ag, oukind, haar pa is fer haar baing goed, mar haar geaardhyd ferskil so baing fan haar pa syne. Hy is, soos di mense sê, so *Engelsgesind*; en waar sy dit fan daan kry weet ek ni, mar sy is weer net di teen-o'ergestelde, alles wat Afrikaans is, is fer haar mooi, en daar léwe sy foor. Dan wil hy ook altyd hê sy moet na di *concert* en *balls* toe gaan, en, kind, as jy siin al di deftige klére wat hy fer haar laat maak, dis glad 'n naarhyd. En as sy dan ni altyd wil maak soos hy wil hê ni, dan kan hy haar partykeers so afgrou; want hy is mar 'n bitji opfli'end fan humeur.

"Dit sit dan ver haar baing agteruit, want sy is 'n baing sagte liwe kind. Om hom dan te voldoen, maak sy dan mar baing keer soos hy wil hê, hoewel daar soms heelwat trane in di stilte fal"

"Mar ek is ferwonder, want anders léwe so 'n ryke man syn dogter mos fer sulke dinge."

"Ja, mar siin jy, di ding is dat by haar werkelik wat gceds steek; sy sal baing liwers byfoorbeeld kerk toe gaan, of di aand eensaam in di kamer deurbring, as om na 'n *ball* of *dinner* te gaan."

Laat ons nou nog net gou in di ander kamer 'n slaggi inkyk, eer dat di lamp daar ook uitgeblaas worde. Maria is reeds in bed, mar Anni nog ni—sy lê op haar knï'e foor di bed, en terwyl ons so op di onskuldige maagdebeeld kyk, kom di vollende woorde ons te binne :—

"Maar 't schoonst waart ge my, verzonken in gebeden,
Als gy eerbie iglyk de handen samenhieldt,
Als 't luchtig nachtgeward u golfde om uw leden.
En gyuoor God laagt neergeknield!
O! hemelsch was de glans d e dan straalde uit uw oogen.
Waarin een helder traan, gelyk een starre, blouk;
Dan zag 'k u zwijgend aan, en ik werd diep bewogen;
Toen 'k weenend aan uw zyde zonk!"

* * * * * *

Di héle huis is donker, almal is in bed, alles is stil, en tog was daar twe in di huis, wat mar ni kon slaap ni—Dani en Anni. Daar was iits wat fer hulle uit di slaap hou en hinder,—iits wat oek fer hulle nog baing jare sal hinder!

## Storiis van di Jameson Inval.

BY Waterfal lê 'n jong man agter 'n klip wat mar klein was. Een ko'el slaat langs hom in di grond en laat hom ers skrik. Hy kyk a di kant van di Enge'se en sê "julle skiit mos onverskillig."

***

'n Ander jong h ertji wat rogal verloof was het van Waterfal slagveld weggejaagd, so hard as syn perd kon loop toen di Engelse begin te skiit. Toen syn meisi dit hoor wys sy hom di deur met di woorde: "Ek wil ni so 'n lafaard hê ni, ver 'n man." Jong kerels, pas op ver Transvaalse nooiers!

***

Een van di manne van Doornkop was so erg verskrik dat hy agter 'n riit laning gaan skuil hoewel daar 'n klipmuur 'n paar tree vandaan was.—*Oergeneem.*



## Ryke Mense.

### BARON HIRSCH.

"ALWEER 'n Jood!"—sal di lesers wel sê, mar ek kan dit ni help ni. Ek hou fan di Jode; dit sit nou eenmaal in myn bloed, en wat nou eenmaal in je bloed sit, dit gaan daar ni so makkelik uit ni.

Ek was y'entlik fan plan gewees, om o'er 'n andere ryke man te skrywe: mar nou is di krante fol fan di dood fan Baron Hirsch, en daarom het ek gedenk, dat hy di eerste an di beurt is.

Baron Hirsch was 'n Duitser, mar het grotendeels in Engeland gewoon. Syn oupa het al 'n ryk man gewees, mar het as 'n arme man begin. Syn fader het al met miljoene kan speul, sodat Baron Hirsch as 'n ryke man syn kind di wêreld is ingegaan. Di grote bisonderhyd fan syn léwe is dan oek ni, hoe hy an syn geld gekom is ni, mar wat hy met syn geld gemaak het.

Hy is as 'n strenge Jood opgefoed, mar wou ni 'n geleerde worde ni. Syn fader neem hom op syn kantoor, en na korte tyd was hy 'n deelgenoot fan 'n bank. Toen was hy in syn element. Di eerste grote slag wat hy maak was di opkoop fan di regte fan 'n bank, wat bankkrot gegaan het. Onder di regte was di konsessi

fan 'n spoorweg in Turkye. Di konsessi was fir hom 'n goudmyn. Di berekening is, dat hy met di een en ander 'n 10 miljoen gemaak het. Hy het toen ook nog in andere dinge gespekuleer, sodat hulle sê dat hy 20 miljoen nagelaat het.

Syn fernaamste karaktertrek was di begeerte om fer syn folk tot nut te wees ; en dit word bereken, dat hy in syn léwe 20 miljoen, weggegé het, di grootste gedeelte fer syn y'e nasi : di Jode.

Nou di Jode as 'n nasi is baing arm. Dit sal di meeste mense ni glo ni, en ek het dit self ook ni gedenk ni, foor ek di saak gaan ondersoek het ; mar tog is dit di waarhyd Daar is miskien 8 miljoen Jode in di wêreld, en di helfte daarfan is seker brandarm.

Di toestand fan di Jode in di oostelike deel fan Europa is fréselik. Arm, onkundig, ferdruk moet hulle op allerhande manire siin om an di kos te kom ; en daar di meeste betrekkings fer hulle gesluit is, word hulle fan self skelm en soek om deur klyne kantiins of andere soort fan kwanselry te léwe Mar ni alleen in di ooste fan Europa ni, amper o'eral waar di sogenoemde straathandel in di hande fan di Jode is, is fré selike armoede, en hoewel daar miskien gen nasi is, wat meer fer hulle landgenote doen ni, as di Jode, kan di kollektes tog di armoede ni keer ni.

Baron Hirsch het di toestand reg ferstaan. Hy het gefoel, dat somar weg gé meer kwaad doen as goed ; dat jy di arme mense daardeur glad bederf ; en daarom het hy planne gemaak om di mense op te help.

Soos wel bekend is, is di lot fan di Jode in Rusland alles behalwe angenaam. Di Russe wil fan di miljoene Jode ontslage raak en hulle deur ferdrukking uitdrywe. Dit duur nou al omtrent 20 jaar. Di plan word met rukke afgelaat en dan weer opgefat, met di gefolg ; dat duisende Jode sonder iits in di wêreld o'er di grense het moes flug, en daar hulle in Duitsland ook ni goed ontfang worde, na Engeland of Amerika, en in di laaste tyd na Suid Afrika perbeer te kom.

Gen een fan di lande is op di geselskap gesteld ni. Di arme Jode werk fer amper niks ni, en so word di arbydslone altyd lager. Di héle kwessi fan immigrasi moet ook deur ons angefat worde, anders sal ons ook baing daaronder ly.

Baron Hirsch het eers geperbeer om fer syn folk in Rusland wat te doen. Hy het twé miljoen pond an gepresenteer om fer di Jode skole te stig, mar dit was ni in di plan fan di Russise regéring ni, en daarom was di Baron ferplig om hulle te help uitkom.

Al 'n héle party jare is daar 'n soort fan Jodebond "di Alliance Israelite Universal," (di Algemeene Israeletische Bond), wat tot doel het, om di Jode feral in Turkye en Klyn Asi'e te help. Hulle rig skole op waar di kinders ni net mar leer lees ni, mar alle soorte handwerk doen. Baron Hirsch word lid fan di bestuur, en syn sak help di kas fan di bond so, dat hulle wat kon maak. Syn geregelde bydrage was 20 duisend pond per jaar, buiten di ekstra gifte.

Mar daar was nog baing meer te doen. Amerika wil ni meer arme Jode hê ni. Engeland maak ook objeksi, en di andere lande kan ook ni meer arme mense berg ni. Baron Hirsch maak toen 'n plan om in Suid-Amerika baing grond te koop en di arme Jode daar heen te stuur en te lat boer. Hulle was daar nimand tot anstoot, en kon self hulle kos uit di grond haal.

Hy maak toen 'n Maatskappy fan 20,000 andéle teen £100 per andeel, dat is twé miljoen pond kapitaal. 19,000 andéle neem hy self ; di andere neem syn frinde. Hulle koop toen in Argentina 'n grote stuk land en begin di arme geflugte Jode uit Rusland daar heen te stuur. Di uitslag is ni so goed as ferwag werd ni, mar tog het duisende daar al 'n goeie inkoms.

Ek fer myself glo ni, dat di Jode in 'n ander land ooit so goed sal boer as in hulle y'e land ni. Di land wat God an Abraham, Isak en Jakob gesweer het, en waarin God hulle op syn y'e tyd en op syn y'e wyse sal breng. Hoe dat sal gebeur weet ek ni.

Dit neem egter ni weg ni, dat di plan fan Baron Hirsch om di Jode te leer boer 'n uitnemende plan is ; wat ni alleen fer Jode, mar ook fer Gristene kan gebruik worde. Juis omdat di boerdery in ons tyd so ferag word, is daar sofeul armoede.

Is miskien ni di grote oplossing fan di fraagstuk fan arme o'er di gehéle wêreld daarin, dat ons terug moet om di grond te bewerk ?

Mar ni alleen in Suid-Amerika ni, ook in Noord-Amerika het Baron Hirsch gewerk. Noord-Amerika het eers al di mense ontfang, mar is ook later tot di besluit gekom om ni al di arme en behoeftige uit Europa op te neem ni. Na Amerika het dan 'n menigte fan arme Jode geflug. Om hulle te help het di Baron 'n half miljoen pond gestuur, om ambagskole op te rig. In Kanada het hy 'n koloni gestig, waar 'n honderd familiis grond kan kry, ook op andere plekke ; hy het op di maniir gewerk.

In syn testament het hy ook gesorg dat al di inrigtings kan bly bestaan, sodat syn léwe 'n blywende segen was fer syn folk. As ons nou dit alles nagaan, kan ons makkelik ferstaan waarom by syn graf te Parijs, so feul duisende fergader was, en bittere trane gehuil werd. Baron Hirsch, was ni alleen 'n man wat weggé ni ; mar wat self di lot fan syn broedere hom angetrek het.

C. J. L.

[Hiir is 'n leerskool fer ons Afrikaners. Onlangs sê 'n frind : "As 'n Afrikaner eers op di pad is om ryk te worde, of eers ryk is, moet julle ni meer fer hom iits fra fer di Afrikaanse saak ni, dan wil hy net al ryker worde." En daarin is mar al te feel waarhyd. Daarom is dit so swaar om iits goeds fer ons Afrikaners op te rig en in stand te hou. Waar is ons Hirsch, wat—ni miljoen ni,— mar duisende, of selfs honderde ponde fer di belange hulle nasi opoffer ?—Dit fra *Ons Klyntji*, en 'n kind kan mos baing fra].

## Di Fryer fan nig Betti.

'n Tyd gelede kom hiir mos
'n Jonge Rooinek aan,
Hy sê hy kan portrette maak,
Dis wat hy goed ferstaan.

Hy ry hiir op di plase rond,
En kom by ou oom Piet,
Daar siin hy 'n nointji na syn sin,
Dis sy wat Betti hiit.

Sy was 'n "flirt" so uit haar aard,
Behaagsiik ok daarby,
En in di rooije Lunsriim het
Sy gou-gou sin gekry.

Genoeg kon sy fan hom ni praat,
Hy was di beste man,
Sy sou haar lewe gé, as sy
Fer hom mar kryge kan.

Hy is so "smart" en so "polite,"
En "tricks" ken hy 'n mag ;
Sy het met hom so grap op grap,
En pret di hele dag.

Dan sit sy somtyds op syn skoot ;
Of fat hom om syn nek,
En gé hom, as sy kans kan kry,
'n Soentji op syn bek.

Sy wil so graag 'n Rooinek hê,
Want boere is te lomp.
As hul soms sky, oorlaai sy hom
Met soene by di klomp.

Fertel hy jou wat hy besit
Fan geld en fé en grond,
Dan sweer jy hy 's di rykste man,
Op heel di wêreld rond.

As jy fan al syn skatte hoor
En fan syn groot rykdom,
En waar hy al het rond gerys,
Dan staan jy glat verstom.

Mar nou gaan daar 'n praatji rond,
Dat hy getroud al is ;
Mar waar syn vrou en kinders was,
Dit kan ons nog ni gis.

Party sê in di Boweland,
Party noem Frystaat weer,
Di ander sê weer in di Kaap :
Daarfoor kan hulle sweer.

Mar hy ontken dit hoog en laag,
Gen één kan dit bewys ;
Mar onderwyl gaan Meneer O'—,
So kort, kort, kort op rys.

Waarheen ? dit mag di drommel weet,
Mar ons hiir rond dink nou,
Dat hy so mooi en stilletjiis
Gaan kuier fer syn frou.

Mar dit wou Betti fan oom Piet
So op di dood ni glo
Sy hou daarop haar minnaar is
'n Ongetroude "beau."

Di troudag is nou al bepaal,
En alles in di haak,
Toen moes ou neef nog eens op rys
Om sakiis reg te maak !

Hy gaan mar net na Bloemfontein
En sal ni lank weg bly,
Sy moet mar klaar wees as hy kom
Om na di kerk te ry.

Nig Betti maak ok gen fersuim,
Sy gaan net fluks an koop,
Fan alles wat sy nodig had,
Maak klére by di hoop.

Heel spoedig was dan ok di tyd
Fan O'—syn komste daar,
En botter, y'ers, suiker, meel,
Was alles kant en klaar.

Nig Betti wag nou net fer hom,
Mar sy kan lank nog wag,
Sy sal hom ni weer eerder siin
As op di jongste dag.

Daar sit sy nou met al di goed,
En sonder raad te weet,
Di y'ers en botter moes sy mar
Allénig weer opeet.

So gaan dit as 'n boere nôi
'n Engelsman wil hê,
Temeer nog een wat sy ni ken,
Dis skand'lik om te sê.

Mar dit is nog di ergste ni,
Daar 's nog 'n ander daad ;
Mar di sal ek liifs ni fertel,
Want daar sit eers di kwaad.

K. L.

## Pratjiis o'er di Natuur.

### DI MAAN, DI FERNAAMSTE PLANETE EN STERRE.

(*Vervolg*).

ONS het nou klaar met di Son, mar foor dat ons ferder gaan wil ons nog korteliks fertel wat di sterrekunde leer angaande di firnaamste hemelliggame.

*Di Maan.*

Later sal ons di loopbaan en di gedaanteferandering fan di Maan behandel. Ons wil hier net fertel wat ons weet fan syn opperflakte. Elkeen weet hoe di

Maan lyk, as ons dit met di blote oog beskou. 'n Mens hoor allerande storitjiis o'er "di mannetji in di Maan."

Di geleerde sê dat di donkere flekke fan di Maan droge lande is. As 'n mens di Maan bekyk deur 'n goeie teleskoop (ferkyker), dan siin 'n mens syn opperflakte bedek met berge, heuwels en dale; mar syn berge en dale is ni met bosse begroei soos onse ni, mar dor en kaal. Di Maan het gen mére en rifire ni, sofêr as hul kan siin. Dit het gen water, en gen wolke om di hitte fan di Son af te keer ni. Dit het oek gen lug ni. Dit is fol fan grote kraters fan uitgebrande fuurspuwende berge. Stel jul non foor 'n wêreld sonder water, sonder ys, wolke, reent, sneeu, sonder refire en sonder plante, 'n wêreld waar 'n mens ni di lig kan siin ni, 'n wêreld sonder klank, waar di grootste berg kan skeur sonder di minste geluid; want waar gen lug is ni, kan 'n mens ok ni hoor ni! So 'n wêreld is di Maan! Dink daaran, leser, en jy sal nooit weer, al is dit ok in di grap, fir jou maat sê ni: "gaan na di Maan."

*Merkurius.*

is di naaste planeet by di Son, en draai om di Son op 'n afstand fan omtrent 40 millioen myle. Syn middellyn of deursne is omtrent 'n derde fan di fan di aarde 'n Mens kan di planeet op sekere tye siin net na sononder, op andere tye net foor sonop. Dit loop om di Son in 84 dage. Syn jaar is dus minder as 'n kwart fan ons jaar.

As 'n mens di planeet beskou deur di teleskoop, fertoon dit diselfde feranderinge fan gedaante as di Maan, wat beskrywe word in ons Almanak, nam. folle Maan (liwer *Merkurius* nou), laaste kwartier, ens. Ferder weet ons ni feel fan di planeet ni.

*Fenus.*

is omtrent 67 millioen myle van di Son af. Syn deursné is net so groot as di van di aarde Op Fenus is berge ontdek, wat sesmaal so hoog is as di hoogste berge van di Aarde. Fenus is di helderste fan al di planete, en kan soms by dag met di blote oog gesiin worde Net soos Merkurius siin 'n mens di pragtige planeet altyd in di nabyhyd fan di Son, en dus gewoonlik net foor sonop of na sononder. Mar dit kan nooit ferder wees ni as 3 uur foor en 3 uur na di son. Fandaar dat dit deur de one Sterrekundige bij di name genoem is di *Aandster* en *Morrester*. Fenus loop om di Son in 224 dage. Syn jaar is dus korter as onse, mar syn omwenteling om syn y'e as, of syn dag, is amper net so lank as onse. Dit fertoon ok di gedaante-ferwisselinge fan di Maan.

Somtyds kom Merkurius en Fenus in hulle loopbaan tussen onse aarde en di Son in; dan is hul sigbaar as 'n swarte flek op di Sonneskyf. So 'n o'ergang was daar fan Fenus in 1874, en weer in 1882, en sal ni weer plaas finde ni voor 105½ jare ni. Di loopbane van Fenus en Merkurius om di Son lê binne di baan fan onse aarde. Daarom kom hul soms tussen ons en di Son in.

Na Fenus kom yntlik di baan fan onse aarde om di Son. Mar ons gaan later meer besonder by onse aarde stilstaan.

*Mars.*

syn baan om di Son is gemiddeld 141 millioen myle fan di Son af. Mar syn baan is ni altyd ewe wyd om di Son ni; somtyds banja ongereeld. Soms is di baan 128 miljoen myle fan di Son af, soms 154 miljoen myle. Syn dag is 'n halfuur langer as onse, syn jaar amper twé maal so lang, syn deursné omtrent di helfte fan di aarde. Syn loopbaan lê buitekant di baan fan di aarde, dus fertoon dit ni di gedaante feranderinge fan di Maan ni, want dit kom nooit tussen Son en aarde ni.

Met di blote oog beskou het Mars 'n rooie skyn, mar deur di teleskoop ferdwyn di rooie kleur, en fertoon dit 'n skitterende skyf met donkere plekke. Di heldere geleeltes, soos hul sê, is lande en di donkere is sé.

Mars lyk fir ons hier op di aarde net soos di aarde sou lyk fir 'd inwoner fan Mars. Om elke pool fan Mars kan 'n mens 'n ronde witte kol siin, wat klyner word as di Pool na di Son draai en groter as di Pool fan di Son wegdraai. Dis 'n bewys, dat Mars ok syn Noordpool en Suidpool het, wat bedek is met ys, net soos onse aarde. Onse aarde het 4 maal meer water as land, mar Mars net omgekeer, het 4 maal meer land as water. Net soos onse aarde 'n Maan het, wat om ons draai, so het Mars twé mane, mar hul is mar klyn.

*Jupiter*

kom ferfolgens 'n Mens kan di planeet duidelik ondersky. Dit is amper net so helder as Fenus, mar feel ferder fan di Son af. Syn baan is 480 millioen myle fan di Son af. Syn jaar befat 4,333 dage, fan onse dage. As 'n mens fer Jupiter bekyk deur 'n teleskoop, lyk dit platrond, amper net soos 'n limoen wat banja plat is by di ogiis. Ferder wys di teleskoop op haar skyf ferskye donkere bane en grote donkere flekke. Di gedagte is dat dit wolke is in di dampkring of lug fan di planeet; mar meer weet hul ni.

Jupiter het 4 name wat om hom draai en fan gedaante ferwissel, net soos onse maan. Dit is 1300 maal so groot as di aarde, mar syn gewig is net 300 maal di fan di aarde, dus moet di grondstoffe waaruit di ster bestaan banja ligtér wees as di fan onse aarde.

*Saturnus*

gé 'n pragtige gesig deur di teleskoop.

Ag mane draai om di planeet, en wat wonderlik is, as 'n mens dit deur 'n teleskoop bekyk, dan het Saturnus dri pragtige bréde kringe rondom, twé helder en een (di binnekantse) donker.

Wat di kringe is weet di gel erde nog ni. Fele dink dat hul bestaan uit 'n ontelbare skaar fan klyne planetjiis of mane, wat draai om Saturnus. Syn baan is 880 millioen myle fan di Son af, syn jaar 30 maal so lank as onse. Syn dag is omtrent 10½ uur- Dit weeg oek feul ligter as onse aarde.

*Uranus en Neptunus.*

kom di laaste, dog fan hulle is ni feul bekend ni.

*Di Melkweg.*

As ons di hemel beskou op 'n heldere donkere nag, dan siin ons 'n streep fan floue lig, net soos 'n lange skrale miswolk, fan di een end fan di hemel tot di ander end. Dit word di *Melkweg* genoem. Di geleerde dink dat di melkweg bestaan uit 'n onyndige getal klyne sterretjiis, waarskynlik sò na by mekaar, dat hul 'n ligtende massa form. Fan di 20 miljoen sterre, wat 'n mens deur di teleskoop kan siin, is daar waarskynlik 18 miljoen in di melkweg. Nou kan ons enigsins 'n denkbeeld form fan di ferbasende omfang fan di Heelal, as ons bedenk, dat hul mar *skynbaar* deur di ferbasende afstand so naby mekaar lyk, omdat hul agtermekaar folg amper in 'n lyn met ons oog, mar hul wesenlike afstand fan mekaar is miskiin so groot as fan onse Son na di naaste ster.

*Kométe.*

Di meeste fan ons het seker al 'n komeet gesiin, nam. 'n ster met 'n stêrt. Hul koddige langwerpige loopbaan om di son het ons froe'er beskrywe. Foor dat ons iits ferder sê fan komete, moet ons praat fan

*Meteore.*

Dan sal ons komete beter verstaan.

Jul het seker dikwils in di aand 'n ster siin verskiit deur di lug, nes 'n furige pyl wat 'n lange ligstreep agterlaat fer 'n o'enblik en dan ferdwyn. Di sterre word genoem meteore of fallende sterre. Somtyds fal stukke fan hul op di aarde, Hul is fan ferskillende grootte. Hul stukke wat op onse aarde fal (meteoorsténe) het di skykundige ondersoek. Di meeste stukke het di geaardhyd fan metaal of klip. As di sterre in hul bane deur onse dampkring flüg, dan siin 'n mens di ligte streep, en sodra hul uit onse dampkring flüg, ferdwyn hul fer ons oog. Soos hul deur ons lug flieg word hul deur frywing met di lug so warm, dat hul brande en di klyntjiis ferbrand heeltemaal foor hul di aarde beryk; di grotere ferbraud ni geheel ni, mar smelt en word feul klyner in omvang. 'n Hele klompi fan hul, wat ni fernitig is geworde ni, kan 'n mens siin in di Britse Museum. Perty fan hul weeg 3 ton.

Di onderfinding leer dat op ferskillende nagte di meerderhyd fan skiet-sterre fan sekere stréke fan di lug kom, en dat op sekere tye meer sterre fal as op andere tye. Byv. op Nov. 13 en Aug. 10 het ons gewoonlik di grootste sterrefal.

Deur ondersoek is bewys, dat di meteore ok net soos di planete om di Son rys en dat hul vorm, grootte en bane diselfde is fan komete. Op di wyse het di sterrekundige tot di gedagte gekom dat komete bestaan uit wolke fan meteore,

Fan di froegste tye het di mense 'n bygelowige frees gehad fer meteore en komete en dit beskou as foorteekens fan grote gebeurtenisse. Mar waar di wetenskap di oorsake fan di ferskynsele nafors en perbeer te ferklaar, daar ferander di bygelowige afgodise frees in stomme bewondering en stille anbidding fan Gods ontsagelike Majestyt, wat sulke grote ligame as di sterre bestiir, en tog so nederbuigend is, dat Hy elke haar fan di hoof fan syn kinder getel het.

## O'er ons Taal en Taalkunde.

### LETTER F FERDEDIG HOM SELF.

*Myn liwe Oom wat fer Ons Klyntji maak.*

Waarom is party mense dan so kwaad fer my, waar jy fer myn gebruik in plaas fan di letter "v?" Een skywer het gansegaar gesê, ek maak di taal plat. Ag né, kyk, ek is ni hoogmoedig op my self ni, mar so sleg is ek mos daarom ni. Ek lyk op di oog mos ni juis leliker as di letter v ni; en ons praat hiir in Afrika net een klank. Dan as ek na di "a. b. c." kyk, dan foel ek 'n bitji ho'er as hy, want ek staan foor hom in di ry; ek staan di sesde fan foor en hy staan di fyfde fan agter. Mar dan, waarom is ek goed genoeg in sulke fatsoenlike ordentlike woorde soos "fabriek," "fakkel," "famili" "fatsoenlik," "fees," "fyn," "fleur," "fluks," "fraai," "foei," en so 'n menigte andere woorde? Waarom maak ek di woorde ni plat ni? Waarom lyk ek ni sleg in di woorde ni? En as ek kan gebruik worde fer di woorde, waarom is dit dan ferkeerd as oom fer my gebruik in ander woorde wat mar diselfde klank het? Deur fer my te gebruik word di taal mos makliker fer kinders, want dan het hulle een letter minder om te leer. Dis mar net di ongewoonte; mar 'n mens kan ni altyd na di gewoonte kyk ni, want 'n gewoonte kan ferkeerd wees. Ek is seker almal sal naderhand bly wees dat oom fer my gebruik.

Mar nou is daar nog iits anders. Deur fer my te gebruik word di Afrikaanse taal mos makliker fer freemdelinge om dit te leer, feral fer Engelse en Duitsers, en dis juis hulle wat di meeste in ons land inkom. Kyk, Oompi, in di meeste woorde wat di Hollander di *v* gebruik, daar gebruik di Engelsman en di Duitser oek fer my. En di Duitsers en Engelse ferbeel tog fer hulle dat hulle tale di beste en geleerdste is. En dis sekr op *di* punt het hulle meer reg om ver my te gebruik as di Hollander met syn *v*. En waarom moet di Afrikaners dan agter di Hollanders anloop met skrywe waar hulle ferkeerd is? Ek gé nou mar 'n klyne lysi fan woorde waar di Engelsman en di Duitser oek fer my gebruik nes *Ons Klyntji* nou begin. En ek gé mar di wortelwoorde; fan al di menigte woorde wat daarfan afgely is geld diselfde.

| *Afrikaans.* | *Engels.* | *Duits.* | *Hollans.* |
|---|---|---|---|
| Falk | Falcon | Falke | Valk |
| Fal | Fall | Fall | Val |
| Fals | False | Falses | Valsch |
| Fas | Fast | Fast | Vast |
| Fuil | Foul | Foul | Vuil |
| Fuis | Fist | Faust | Vuist |
| Feg | Fight | Fechten | Vechten |
| Feer | Feather | Feder | Veder |
| Fyg | Fig | Feige | Vijg |
| Fyl | File | Feile | Vijl |
| Fyn | Fine | Fein | Vijn |
| Fyand | Fiend | Feind | Vijand |
| Fet | Fat | Fett | Vet |
| Feld | Field | Feld | Veld |
| Felg | Felly | Felge | Velg |
| Fêr | Far | Fern | Ver |
| Fas | Fast | Fest | Vast |
| Fuur | Fire | Feuer | Vuur |
| Fesel | Fibre | Fiber | Vezel |
| Fiool | Fiddle | Fiedel | Viool |
| Find | Find | Finden | Vinden |
| Finger | Finger | Finger | Vinger |
| Fink | Finch | Fink | Vink |
| Fin | Fin | Finne | Vin |
| Form | Form | Form | Vorm |
| Fis | Fish | Fisch | Visch |
| Flag | Flag | Flagge | Vlag |
| Flam | Flame | Flamme | Vlam |
| Fliig | Fly | Fliege | Vlieg |
| Flug | Fly | Fliehen | Vluchten |
| Fliis | Fleece | Fliess | Vlies |
| Flym | Floam | Fliete | Vlijm |
| Floei | Flow | Fliessen | Vloeien |
| Flooi | Flea | Floh | Vlooi |
| Flot | Float | Floss | Vlot |
| Floot | Fleat | Floth | Vloot |
| Flug | Flight | Flucht | Vlucht |
| Floer | Floor | Flur | Vloer |
| Floed | Flood | Fluss | Vloed |
| Folg | Follow | Folgen | Volgen |
| Ferder | Further | Förder | Verder |
| Fort | Forth | Fort | Voort |
| Foortaan | Furthermore | Fortan | Voortaan |
| Frag | Freight | Fracht | Vracht |
| Fry | Free | Frei | Vrij |
| Frou | Female | Frau | Vrouw |
| Frind | Friend | Freund | Vriend |
| Frolik | Frolic | Fröhlich | Vrolijk |
| Frees | Fear | Furcht | Vrees |
| Fos | Fox | Fuchs | Vos |
| Feg | Fight | Fuchtelen | Vechten |
| Foer | Fodder | Fuder | Voeder |
| Foel | Feel | Fühlen | Voelen |
| Ful | Fill | Fullen | Vullen |
| Find | Find | Finden | Vinden |
| Fyf | Fife | Fuuf | Vijf |
| Fer | For | Für | Voor |
| Foet | Foot | Fuss | Voet |

Nou kyk, Oompi, is di Hollander nou ni ferspot met syn *v* ni? En hoefeul makliker sal di Engelsman en di Duitser nou Afrikaans lees as ek gebruik worde? Regtig, *Ons Klyntji* het ni alleen fer my 'n goeie diins gedoen om my in myn reg te herstel ni, mar oek an di hele Afrikaanse taal. Ek is hom dankbaar daarfoor en ek denk alle Afrikaners moet dit wees, en hulle moet almal wedywer om my in myn eer te herstel.

## Foor Honderd jaar en nou.

(*Oupa Spreek.*)

Toen Ouma getrou het—dis dikwils ferteld—
Toen was dit in Afrika anders gesteld.
Hul praat fan *Fooruitgang*, di jonge geslag ;
Mar dis *Agteruitgang*, as jy dit betrag.
Toen werk elkeen flytig fer syn stukki brood,
En roep tot di Hére in foorspoed en nood.
Mar nou is daar wynig wat nog werk met flyt ;
Elk soek na ferstrooi'ing en mors met di tyd.
Fan handel en kwansel wil elkeen bestaan ;
Kan hy mar syn sak ful, wat gaan hom dit aan ?
In handel word eerlikhyd skaars nog gekend,
En nimand bemerk dit, jul word dit gewend.
Lees mar di Fandissiis in eenig koerant,
Wi glo soos dit daar staan ? Gen mens fan ferstand.
Hy lees : " *Honderd Pêrde—opreg—gedresserd.*"
Hy kom daar, dis knolle, brand ma'er, ongeleerd.
Daar staan : " *Duisend Shape* (daarby) *Ekstra Fet.*
Hy kry daar feul minder, en slagbaar mar net.
Daar's nimand wat nou Adfertensiis meer glo.
Mar wi neem dit kwalik ? Hul denk dit hoort so.
Toen kon jy feul meer op 'n man syn woord gaan,
As nou op kontrakte waar getuige bij staan.

[Wi wil perbeer om di brokstuk klaar te maak ? Dis ons follende prijsvraag—RED. *O. K.*].

## Bladsy fan ons Lesers.

HOEWEL *Ons Kleintji* ni 'n korant is om lange briwe op te neem o'er Brandsiiktewet en allerhande onderwerpe ni, tog wil ons ni heeltemaal ons lesers hulle mond sluit ni. En nou ons 8 bladsye meer gé kan ons wel *een* daarfan afstaan fer ons lesers. En fan di begin af was daar baing briwe, waaruit ons graag uittreksels sou wil gegé hê, mar nou ferder hoop ons dit te doen. Nou weet di lesers wat daarfan wil gebruik maak oek al *waaro'er* hulle fer di kolom iits kan stuur, en feral *waaro'er ni.* En in di bladsy kan ons meteen frage beantwoorde oek. Di bladsy is dus 'n soort fan *geselsery* fan ons met ons lesers en fan ons lesers onder makaar. Mar ons sal daarom di teuels stijf hou, dat dit binne di perke fan nuttighyd en fermakelikhyd bly.

Mnr. M. A. Vermeulen, fan Rooiberg, skrywe o. a.: —" Ek kry *O. K.* ekspres fer myn kinders, want hulle had ni digoue geleenthyd, om so feul te leer ni, as

wat di behoefte fan onse tyd forder ni. Mar nou doen ek al wat ek kan om deur boeke en geskrifte hulle ferstand te ontwikkel, en feral om hulle met di geskidenis fan ons land, alles ingesluit, mé bekend te laat worde. Want watter nut het 'n Afrikaanse boerekind fan di geskidenis fan Engeland, as hy moet skaap oppas soos, myn kinders hiir moet doen, en nog baing kinders hiir in di part fan di wêreld? En wat mij nou al dag duideliker word is dat ferkeerde geleerdhyd meer kwaad doen as goed. Want buiten di kinders wat fan di Gedenkskool af kom, en wat jy siin waar gristelikhyd in geleg is op di regte fondament, di Bijbel, kry jy teenswoordig meesal geferrde ondeugde, wat jy fer niks kan gebruik ni as fer klerke, en di meeste is ni fertroubaar ni, want met hulle geleerhyd prakseer hul mar altyd ferkeerde dinge; en dis net omdat hulle fan di Bijbel en ons suiwere godsdiins niks weet ni, en ok ni glo ni, om hul dit nooit geleer het ni. Daarom doen ek myn bes om myn kinders, —hoewel sonder om o'er di gemaakte ek, samenhemel te huil,—met di beste kennis en wetenswêrdige gebeurtenisse bekend te maak, deur di geskikte boeke fer hulle te kry, in plaas fan di laffe Engelse Novels, wat in ons dage di jonge mense hulle Bybels is. En ek siin *O. K.* is goed fer groot en klyn, fer oud en jonk, en daarom sal ek oek fan nou af doen wat ek kan om *Ons Klyntji* "Ons Grote" te maak, en by te dra wat ek kan; want ek glo dat di Hére 'n grote oogmerk het met di Taalbeweging, en dat di forming fan onse nasionalityt nou op di punt staan om syn wording in te gaan en di wêreld te o'ertuig: di Afrikaaners is net so goed 'n nasi met 'n nasionalityt en Taal as di Engelsman en Hollander met hulle nasionalityt en tale."

---

Mnr. J. J. C. Gräbe, van Amersfoort, Transfaal, wil hê ons moet duidelik maak, daar bo "Di Koningin van Skeba" staan dat dit 'n "Historise Roman" is, in hoefer wat daarin foorkom nou ferdigting en hoefer dit waarhyd is. Mar dit sou di héle aardighyd daarfan wegneem. Ons kan ni meer sê as ons an di slot fan *Sambesia* gesê het en in di Inlyding van "Di Koningin van Skeba" o'ergeneem het en nou hiir gedeeltelik herhaal: —"Niet een *gescheidenis*, ook niet eene algeheele *verdichting:* maar eene *herleving* van dien tyd zoo na mogelyk, volgens de gegevens welke wij hebben in oude historische werken en in deze overblyfzelen."

---

"Ik wens dan ook *Ons Klynte* veelsgeluk: ik hoop hy sal ons tot veel nut wees. Myn pa het hom mos ook gekry, en toen het ik hom gelees; mar toen ik hom in hande ge kry 't, toen kry ik sommer lekker. Want nou lees ik mos Afrikaans, sommer glad weg. Ai! hoe lekker tog! Nou ja, Klyntji, ik, klyne Afrikaner, ik praat baing graag myn taal. Dit is ver my al te swaar as ik op di Stasiis kom en di Engelsman vloek sommer ver my op sen Engels; ik arme ding lag nog al saam, mar ik weet ni di ou rooie vloek ver my. Hoe lekker sal dit tog wees as ons daar kom en ons kan ver oom Engelsman verplig om Afrikaans te praat; so ni, jaag ons kom daar uit. Daarvoor moet *Ons Klyntji* werk, dat dit so kan kom. *Klyntji, jy* moet gesels soos jou pa *Patriot* gesels, sommer plat weg. Al bars di bottel, mar Afrikaans moet op di voorpunt kom! Hoe dat hulle nou al raas en te kére gaar, mar moet jy jou ni ters daaran steur ni Di voorlyn moet jy kry. Hou mar moed!

Ek is *Ons Klyntji* syn Maat,

V. J. L. V.

---

Ons kry 'n stroom fan stukke en gedigte fer *Ons Klyntji* wat ons onmolik almal kan plaas. Tog is ons bly daarom. Dit toon dat daar 'n nuwe gees ontwaak, nes in di eerste dage fan di *Patriot*; en dan kan ons daaruit di beste kiis. Net mar ons medewerkers moet ni kwalik neem as party stukke ni dadelik verskyn ni, en andere in di *Patriot* ferdwaal, en party in di snippermantji terug kom.

So stuur V van Strydenburg ons nog 'n gedig teen di arme Boesman, wat al meer as genoeg gekry het in di één antwoord fan di Duusman, wat ons laaste keer geplaas het.—En diselfde vrind stuur ons oek 'n stuk wat hy uit Engels fertaal het. Mar hoe mooi dit oek lyk, ons het nou eenmaal di reel gestel: di *Klyntji* neem ni op wat o'ergeneem of fertaal is ni. Alles moet *oorspronkelik Afrikaans* wees. *Ons Klyntji* is tog klyn genoeg fer ons Afrikaners om hom fol te skrywe.

---

Net so stuur D. S. fer ons 'n heel grappige stukki: "Di Keiser en di Soldaat," mar dit mis oek di 2 kenmerke, dis ni *oorspronklik*, en oek ni *Afrikaans* ni. Tefens berg ons sulke stukke mar, molik kom daar later 'n betere kans foor.

---

Mnr. L. J. Visser stuur oek nog 'n antwoord an di Boesman; mar ons moet nou ni al te hard wees op di arme Boesman ni; hy het nog mar *eenmaal* gepraat, en ons het al dag kans.

---

Mnr. J. Enslin, fan Middelburg, K.K. het so jammer gekry fer *Ons Klyntji* dat hy so kaal sit in di koue, dat hy ons £1 gestuur het het fir 'n jurki fer *O.K.* Namens syn foogde dank ons Mnr. Enslin hartelik daarfoor, en as hy weer kom kuier sal ons sorre dat hy 'n pakki klere an het en ni meer met di suigflessi en bors'appi sit ni.

---

9 Ooms en tantes en Broers en Susters fan *Ons Klyntji*, uit di familiis Schoeman, Spies en Heyter, fan Oudtshoorn, stuur oek 10s. om fer hom 'n jurki te koop. Ons is regte bly, dat *Ons Klyntj* so gou so baing frinde deur di land het. Hy sal nou nog meer syn bes doen om 'n soete en knappe klyn Afrikanertji te wees.

Mnr. G. H. v. Niekerk, fan Suffolk, skrywe:
"Ek stuur 4s. fer *Ons Klyntji*, en hoop dat hy nou al maande met my oek sal kom gesels. Ek het hom fan 'n frind af na my toe genooi, om 'n paar aande met my deur te bring. Mar hoor, sowat het ek nog nooit fan so'n klyn seuntji gehoor ni. Hy gesels nou al soos mar min groot mense kan gesels. Nou wil ek graag weet, hoe hy sal gesels as hy eers groot is. Mog di liwe Here hom spaar en segen, dat hy mog groot worde! Stuur fer my di forige nommers oek, ek wil dit an myn frinde stuur fer kennismaking."

Ons het begin met 750 intekenaars en het tog fan di begin af 2000 gedruk. Mar di getal intekenaars is so angegroei, dat di eerste 3 nommers al op is. Gelukkig het ons fan No. 4 af weer meer gedruk. Nuwe intekenaars wat ferder bykom kry dus nou mar fan No 4 af en later oek No. 1 tot 3, wat ons weer laat o'erdruk met grote koste; sodat hulle niks ferliis ni. Ons druk nou ferder 3000, en ons hoop dat ons getal intekenaars gou so hoog sal wees.

## Ferneder jou onder Gods hand.

Ja, Afrika, jy mag wel buk!
Di hand is swaar, wat op jou druk
O'er alles wat hiir is gebeur,
Mog wel ons folk hul harte skeur.
Di droogte was al lank begin,
En nimand kan syn kos meer win.
Daar is toen o'eral geld gefra,
En fele het mooi by gedra.
So was daar tog 'n stukki brood
Op plekke was di hongersnood.
God skenk op ons gebed 'n se'en,
'n Onferdiinde, milde re'en.
Met Nuwejaar, soos almal weet,
En lewenslang ni sal fergeet,
Het Jameson Transvaal bekruip
En nes 'n slang daarin gesluip.
Hy wou mos met syn Engels lis
Majubas skandflek uit kom wis;
Mar God skenk an di Burgers moed.
En het hul so getrou behoed,
Dat in di stryd min Boere fal,
Mar rowers ag so 'n groot getal!
o Land en Folk! di ongeluk,
Di mog ons oek wel neder druk:
Di ontploffing in di grote stad,
Wat so feul rykdom in haar had.
'n Tryn di was al reeds ontspoor
En so feul lewens is ferloor.
Ja, hoefeul trane wé en ag
En hoefeul kerm en droef geklag?
Is ni gehoor daar op di dag?
Di sprinkhaan plaag was nouliks weg,
Toen kom di Matabeel geveg.
En nou fan Noord en Oos en Wes
Hoor ons fan niks as "Runderpes."
Di wild frek uit, di bees gaan dood,
En altyd groter word di nood.
En waar di plage nog sal end,
Dit is di Heer alleen bekend!
Myn folk! ons moet ons diip ferneer,
En weder keer tot God di Heer;
Di onreg uit ons midde doen.
Dan sal di Heer ons weer fersoen.
Dan segen Hy, in syn Gena,
Weer ons geliifd Suid Afrika!

J. S.

Postmasburg.

## Raaisels.

### *Oplossings van die Raaisels wat voorkom in "Ons Klijntji" No. I en II.*

1 Patrijs—Parijs.
2 Arabiere en Barbiere.
3 Potestate en Magistrate.
4 Waarmede zal de jongeling zijn pad, door ydelheid omsingeld rein bewaren Ps. 119: 5.
5, 6, Kon ons Klijntji glo ni reg krij ni en het di toen uitgelaat.
7 Di letter *n*.
8 Ons Klijntji.
9 Oog—boog.
10 Bronkorsspruit.
11 Het ik fout opgestel. Ekuus jonge vriende?
12 Sonderling.
13 Bleshoenders—of waterhoenders.

Goede oplossings ontvang van di volgende jonge vriende. (Ik vermeld bij ieder naam hoeveel reg geantwoord is.

A. Geo. C. Buxton, Fraserburg, reg van 7 tot 13.
F. P. Hoogenhout, Groenberg, Wellington, reg van 1 tot 13.
P. J. Hoogenhout, do. reg van 1—13.
H. J. Coetsee, Tevreden, Somerset Oost, reg 7—13.
Maria Schneider, Petrusville, reg 7, 8, 9, 10 en 13.
Johanna Schneinder, do. reg 7, 8, 9, 10 en 13.
J. M. Smit jr., Fraserburg, reg 7, 8, 10, 11, 12, 13.
Hendrik Pienaar, Britstown, reg 7 tot 13.
G. P. du Toit, Gedenkschool Daljosaphat, reg 1 tot 12.
Esther du Toit, do. reg 1 tot 12.
D. F. du Toit Malherbe, do. reg 7—13.
Mej. Ackermann. Daljosaphat, reg 7—13.

### NUWE RAAISELS.

21. Watter kommer is soms ook wel bitter:
Maar meestal so lekker.

Dat jij aan jou ma
Daar ook wat van vra?

22. Watter ure het 'n mens maar alleen in di somer.

23. Rebus : Officier g naar Sijn / De G ste

24. *A en O.* Met *a* is ik deur God op 't hoogst gezegend. En word helaas! afgodisch soms vereerd; Met *o* de plek, waar de offer zou geschiede, Di ofschoon verlangd, tog weer werd afgeweerd.

Tijd met antwoorden tot 15 Juli. En let op om antwoorde te stuur an di ondergetekende. Antwoorde wat ni an Ds. Snyman gestuur worde neem ons ni an om te erken ni.

W. J. SNIJMAN.

Venterstad.

# Prysfrage.

Op ons Prijsfraag fer di folledigste lijs fan woorde wat di Afrikaner uit di Germaanse taalskat gesmé het en wat di Hollander ni het ni, het ons mar 2 proewe ontfang. Mnr. H. Pienaar, student te Stellenbos gé 'n lijs fan 210 sulke woorde en Mnr. W. Postma, student te Burgersdorp gé so'n lys fan 75 woorde. Di eerste lys is in di folgorde fan di *a.b.c.*, en di twéde gé dit 1) fan *Plante*, 2) fan *Dire* en *Insekte* en 3) *algemeen*.

By fergelyking fan di 2 lyste tref dit ons, dat alby amper heeltemaal aparte woorde gé. Fan di 75 woorde wat di twede lys gé kom mar 17 in di eerste lys fan 210 woorde foor. Dit toon wat 'n wye feld hiir nog is fer nasporing. By di samestelling fan ons Afrikaanse woordeboek sal ons di 2 lyste gebruik di lesers moet hiirby bedenk dat dit mar *een besondere* klas fan Afrikaanse woorde is. Disni woorde wat di Afrikaner uit andere bronne as uit di Germaanse taalskat geput het ni.

Di prys is toegeken an Mnr. Pienaar en hy moet assebliif so frindelik wees om fer ons te laat weet of hy dit in boeke of in geld wil hê. Fer di follende prysfraag kyk di halwe gedig "Foor Honderd jaar en Nou,"

Di uitgewers fan "*Ons Klyntji*" het besluit om £1. fer elke nommer 'n Prys uit te vloowen soosvolg : —

| Tyd fan Insending. | Onderwerp. | Grootte. | Deur wi gegé. |
|---|---|---|---|
| 15 Juni ... | Beste lys van Germaanse woorde deur Afrikaners (kyk Afr. Taal-Aanbyl) ... | „ | S. J. du Toit |
| 15 Juli ... | 3 Beste Grappige en leersame Verhale ... ... | „ | Dr. Hoffmann |
| 15 Augus | 3 Beste Dire Storiis (ni juis fan Wolf en Jakhals ni) | „ | Di Uitgewers |

1. Di winner fan di eerste prys kan dit in geld kry, of hy kan uit ons boeklys fer hom een of meer boeke uitsoek fer di waarde fan £1 ; dan laat ons foorin netjiis inplak met goud gedruk syn naam, waarfoor hy di prys gekry het, di datum, ens., wat hy dan kan hou fer 'n gedagtenis. As daar 'n twede opstel is wat di beoordelaars oek gunstig anbeveel, dan ge di uitgewers daarfoor self oek 'n prys fan 10s. an boeke, wat di winner kan uitsoek uit ons boeklys.

2. Di gewer fan di prys het di reg om self 3 persone te benoem fer beoordelaars, of wil hulle dit an di uitgewers laat, dan benoem ons 3 bekwame en onpartydige persone.

3. Persone wat wil wedywer kan uit di afdelings wat nou in di eerste en ferdere Nommers fan Ons Klyntji ferskyn siin hoe hulle omtrent hulle opstelle kan inrig. Daar bly egter fryheid ; dis ni 'n foorgeskrywe wet ni mar 'n handleiding.


4. Ons doel is om Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te form. Daarom sal ons di bekroonde prysfrage opneem, en fan di ander opstelle oek soveul as dit werd is. Op di maniir hoop ons *goeie* stukke te kry. Di *Patriot* het honderde geleer om te *skrywe* fer 'n koerant, *Ons Klyntji* moet tiintalle leer om *goed* te skrywe. Daarom sal op taal en styl net so gelet worde as op di inhoud. Alles suiwer Afrikaans : form en inhoud

5. As daar ferdere persone is wat £1 wil gé fer 'n prys, dan sal ons bly wees as hulle di onderwerp beyds fer ons wil opgé.

## SKAAKSPEL No. 1,

VAN

H. KEIDANSHI, TE BERLIJN.



WIT GEEF IN 2 SETTE-MAT.

STAND VAN DI STUKKE.

WIT: K g 2, D a 3, T f 5, T d 5, P e 2, b 3, c 2, d 2, e 3, h 5.

SWART: K e 4, D e 5, P c 6, e 6, g 3, g 4, g 5.

Di antwoorde moet gestuur worre an Ds. W J. Snyman te Venterstad.



## Di Kroning fan di Saar fan Rusland.


OP di 21ste My, het di kronings fees fan di Saar, plaas gevinde in Moscou, di ou kroningsstad fan Rusland. Di kroning fan Saar Nicolas Alexandrowitch, kyser fan Rusland, Polen en di Groot Hertogdom fan Finland, was een fan di grootste feeste wat di Russe nog ooit gesiin het. Eers werd di morre in di Hemelvaartskerk, di "Te Deum." (Gy o God) gesing en toen werd di weduwe-kyserin Maria Feodorowna in di foorplyn deur di geestelikhyd ontfang, wat toen met met di kroon en di purper mantel uit di Palys kom. Sy gaan toen sit op di troon fan Saar Alexis Mikhailowitsch, wat op 'n hoge plek opgerig was. Om kwart foor 10 kom di Saar en di Saarin in di Uspenskii Kathedraal en neem plaas op di trone fan di Saars Michael Feodorowitsch en Iwan III en 'n heelklomp hoge persone neem plaas rondom hulle. Na eenige seremoniis, sê di Kyser toen di orthodokse geloofsbelydenis op, en toen werd di Efangeli gelees. Toen werd hom di purper mantel en di diamant ketting fan di St. Andreasorde aangebode, waarop di Metropolitaan fan Petersburg hom segen, wat hom ook di kroon gé. Hy sit di kroon op, neem di septer in syn hand en gaan toen weer op di troon sit. Daar sit hy nou als gekroonde Kyser, en na nog 'n paar klyne seremoniis kniil di Kyser neer, en doen di follende gebed:—

"O Heere, Koning fan di konings, en God fan myn vaders! Dit het U behaag, om my te ferkiis tot Souverijn en regter o'er di orthodokse Russise Ryk. Ek bely altijd onder Uw wakende oog te wees, hoewel onsigbaar oog. Si ver mij gekniild hiir voor Uw opperste Majestyt. Ek smeek U, o myn Heer, o myn God! buig U neer om my te wapen ver myn ontsettende werk, gé ver my di wyshyd wat uitgaan van Uw troon dat ek altyd mog doen wat aangenaam is in Uwe oge o Heer, laat ek di waarhyd fan Uwe gebode nafolg. Neem myn hart in Uw hand, o mijn God, sodat ek altyd, U lowende, kan regeer ver di geluk fan myn folke. Mag Uw hylige naam met Uw ontfermende Soon en Uw skeppende Gees, in alle ewighyd geeerd worde. Amen."

Daarop bid di Metropolitaan in naam van di geheele volk, en toen werd di mis uitgedeel en toen werd di Kyser en Kyserin met di hylige olie gesalf. Nadat di Kyser en Kyserin nog by di grawe fan hulle foorouers gaan bidde het gaan hulle terug na di palys.

---

Di dag na di kroning het 'n freselike ramp plaas gefinde. Op een fan di grote pleine sou persente an di publiik uitgedeel worde tot herinnering an di kroning. Nog foor alles gereed was begin di publiik bestaande uit tiinduisende fan mense deur 'n misferstand, toe te stroom na di tente waarin di persente was. Ergens op di plyn was 'n wye sloot, en gou gou word di foorste rye in di sloot gedruk terwyl andere fan agter oer hulle loop, of liwer gedruk word, sonder dat meer dan een foel dat hy op mense trap. Di agterste natuurlik druk mar an, sonder te weet wat daarfoor gebeur. Eindelik het di soldate orde herstel; mar dit blyk toen dat tussen 200 en 300 mense doodgetrap was en 'n menigte gewond. Dit was 'n akeligheid om al di dooie mense te siin.



# Gedenkskool van di Hugenote,

## IN DAL JOSAPHAT,

## DIST. PAARL.

---

| | |
|---|---|
| Hoofonderwyser - - - | Ds. F. S. DU TOIT. |
| Assistent - - - - - | D. J. BRINK, J.zn. |
| Musiik Onderwyser - - - | ROCCO de VILLIERS. |

---

## YAKKE VAN ONDERWYS:

Uitleg van di Bybel, Bybel Geskidenis, Gereformeerde Kerkleer, en wat verder nodig is om di jeug klaar te maak ver di anneming as lede van ons Kerk, Hollans, Engels, Latyn, Griiks, Aardrykskunde, Syferkunde, Algebra, Meetkunde, Algemene Geskidenis, Kerkgeskidenis, Geskidenis van Suid Afrika en Engeland, Teken, Musiik op Klavier, Harmonium, Viool, ens., Sangkuns en onse Psalm en Gesang note, Skoolbestuur, ens., ens.

---

Di Gedenkskool is veral gestig is 'n *gedenkteken* om di nagedagtenis van di Hugenote Voorvaders in eer te hou by hulle afstammelinge.

Al di *onderwys* daar is gevolgelik gegrond op di Bybel en Belydenis Skrifte van ons Kerk, as di fondament van alle degelike onderwys.

Di *doel* is om an onse Afrikaanse kinders 'n opvoeding te gé na hulle omstandighede en behoefte.

Di Kosleerlinge loseer by di onderwysers en staan onder hulle strikte toesig en sorg.

Di betaling is £30 per jaar alles ingeslote, skoolgeld, logies, was en stryk, ens.

Engels word gelyk op in di Gedenkskool geleer met Hollans.

Di kinders wat lus het om examens te maak, word voorberei ver di Elementaire en Hoger Skool Examens, ook ver di Onderwysers Examen en admissi ver di Normaal Skool.

Kinders wat na di Skool kom, moet by Lady Grey Brug Stasi afklim.

Verdere bisonderhede is verkrygbaar by di HOOFONDERWYSER, of by di Sekretaris,

Mnr. IZAK S. PEROLD, Dal Josaphat, Paarl.

## "Ons Klyntji."

ENIGSTE

AFRIKAANSE TYDSKRIF

VER

OUD EN JONG.

◁ 4/- PER JAAR. ▷




## "Ons Klyntji"

BEVAT

Afrikaanse Verhale,

Gedigte,

Diirstoriis,

Raaisels ver Kinders,

Mooie Prente.

◁ 4/- PER JAAR. ▷

---

# "ONS KLYNTJI"

BEVAT

"**Di Koningin van Skeba**": 'n Historise Roman, wat nou al belangrik is, mar waarin later sal verhaal worde hoe di Koningin van Skeba in Sambesia geregeer, by Salomo gaan kuier het, ens., ens.

"**Jakob Plattji**": Sketse uit di lewe van di Boesmans en Hotnots, deur 'n landmeter.

"Praatjiis o'er di Natuur", waarin vertel word van Son, Maan, Sterre, ens.

"Sketse uit ons Volkskarakter",—"Diirstoriis",—Gedigte, -- Afrikaanse Storiis, ens., ens.

---

## ADVERTENSIIS word billik geplaas.

PRIJS:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3/- per Duim, Enk. Kol., | 1ste maal. | 1/6 per Duim, Enk. Kol., 3de maal. |
| 2/- do., do., | 2de do. | Staande Advertensiis 15/- per Duim per Jaar. |

---

## D. F. DU TOIT & CO., BEPERKT,

DRUKKERS EN UITGEWERS.

D. F. DU TOIT & CO. BEPERK DRUKKERS, PAARL, KAAP KOLONI.